

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 17, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2017 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Leef volgens die Weg!

Lesers wat al lank die *Wêreld van Môre* lees, het gewoon geraak aan hierdie "Persoonlike briewe" van die Hoofredakteur, dr. Roderick C. Meredith. Ongelukkig was dr. Meredith, wat byna 87 jaar oud was, met 'n gevorderde stadium van kanker gediagnoseer. Hy is op 18 Mei 2017 oorlede. Ek het dr. Meredith geken sedert ek in 1965 sy eerstejaar Bybelklas by *Ambassador College* bygewoon het. Hy het my aangewys as opvolger van sy amp.

Verandering is nooit maklik nie, maar dit is 'n belangrike deel van die lewe. Een ding waarvan u seker kan wees, is dat alhoewel ons persoonlikhede mag verskil sal dieselfde basiese waarhede bly, soos dit aan u bekend is in die *Wêreld van Môre*-tydskrif. Almal van ons hier by die *Wêreld van Môre* is diep toegewyd aan dit waarna ons dikwels verwys as *die Waarheid*. Ons erken dat die ware Evangelie van Jesus Christus al so vroeg as in die eerste eeu verdraai is – nie lank na die begin van Christelikhed nie. Soos Judas aan ons vertel: "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas :3).

Soos dr. Meredith se verhandeling oor die Protestantse Hervorming dit duidelik maak, is die

"geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is", nie die geloof van die Protestantse Hervormers nie. U sal sy tweede aflewering van hierdie verhandeling elders in hierdie uitgawe vind. Indien u 'n nuwe intekenaar van hierdie tydskrif is, kan u sy eerste aflewering in die vorige uitgawe vind. Dit is op ons webwerf beskikbaar by wvm.co.za of u kan dit aanvra vanaf een van ons adresse op bladsy 2.

Verslae uit die Midde-Ooste, Noord-Afrika en ander verspreide plekke in die wêreld vertel van onthoofdings van en moorde op belydende Christene. Dit verg baie moed in sommige plekke om die Naam van Christus te bely! 'n Mens kan slegs dié individue bewonder wat alles op die spel plaas wanneer sulke vreeslike gevolge in die gesig gestaar word en mens moet wonder: "Het ek daardie soort moed?" Dit is maklik om te dink dat ons het, maar daar is 'n toets wat u nou kan neem wat daardie vraag sal beantwoord.

Sal u "die Weg" aanhang?

Lukas is die erkende skrywer van die boek Handeling. Hy beskryf Christenskap verskeie kere as *die Weg* (bv. Handeling 18:25, 26; 19:9, 23; et al.). Met ander woorde, Christenskap is 'n lewenswyse! Selfs die vertalers skryf vyf van hierdie sewe keer die woord Weg met hoofletters deur erkenning te gee aan die belangrikheid van

hierdie woord soos dit in hierdie konteks gebruik word. Ja, Christenskap is 'n **lewenswyse!** Om daardie **lewenswyse uit te leef**, vereis **moed!** Dit vereis nie net moed waar mense onthoof word omdat hulle die Naam van Christus bely nie, maar ook in *veilige areas* soos u woonkamer waar u dalk hierdie artikel lees. **Waarom?**

Soos wat dit in dr. Meredith se artikel oor die Protestantse Hervorming uitgelig is, is Christelikheid soos ons dit vandag ken, **nie** die Christenskap van Jesus Christus en die Apostels van die eerste eeu nie – 'n feit wat nie deur kundige geleerdes betwis word nie! Jesus en Sy Apostels het op 'n ander dag aanbid en ander Heilige Dae onderhou. Hulle het 'n ander Evangelie verkondig wat 'n heel ander beloning vir die gereddes voorgehou het en vir die goddelose 'n heel ander straf. Terwyl hulle God se vergifnis van sonde deur geloof in die bloed van Christus verkondig, het hulle nie versuim om die definisie van sonde asook die oortreding van God se Wet te onderrig nie (1 Johannes 3:4). Om met die Wet van God weg te doen, is om met sonde en die noodsaaklikheid van vergifnis weg te doen (Romeine 7:7)! Dit maak nie saak waar hulle woon nie, teëstanders sou allerhande gerugte valslik versprei (Matthéüs 5:11; Johannes 15:18-21). Die eerste eeu se Christene het baie meer

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Leef

volgens die Weg!

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die waarheid agter die Protestantse Hervorming 3

Die spesiale reeks oor die waarheid agter die Protestantse Hervorming word in hierdie uitgawe vervolgt!

Seuns: Die nuutste slagoffers van die nuwe linksgesindes 10

Die gier wat ons skole se benadering oor onderrig bepaal, is dikwels ideologies gedrewe – dit is meer nadelig as goed vir ons kinders!

Brexit – die smerige skeiding 12

Waarom kinders die spoor byster raak 14

Ons sukkel soms om te verstaan hoe ons ons kinders kan help om op die regte pad te bly.

Sal die ruimte die finale slagveld wees 17

Die mensdom streef daarna om dit in die ruimte te waag.

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die waarheid agter die Protestantse Hervorming

DEEL 2

Berei voor vir revolusie

Protestantse Hervorming word nie deur baie mense verstaan nie en is glad nie wat baie mense dink nie!

Roderick C. Meredith

Die eerste aflewering in hierdie reeks het die ontstellende feit geopenbaar dat 'n *radikale verandering* oor die nominale "Christenskap" gekom het kort ná die dae van die oorspronklike Apostels. *Heidense* seremonies, gebruike en tradisies was vinnig in die belydende Christelike kerk aanvaar.

Ons het van die *korrupsie* en *losbandigheid* van die Katolieke kerk gedurende die Middel- of "Donker"-eeue geleer. Ons het geleer hoe mense soos Wycliffe, Huss en Savonarola *nie in staat* was om hierdie goddeloosheid van binne die georganiseerde kerk van hulle dag uit te roei nie. Baie mense het *met hulle lewens betaal!*

Laat ons nou na die werklike faktore kyk wat veroorsaak het dat mense teen die gesag van die Rooms-Katolieke kerk *gerebelleer het*. Weereens, laat ons onself hierdie vrae afvra: Was dit 'n opregte, geesgemotiveerde terugkeer na die "geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is"?

Onmiddellike oorsake van die Hervorming

Baie moderne Protestante het aanvaar dat die Hervorming 'n suiwer *godsdienstige* beweging was. Hulle sien in hulle geestes-oog visioene van 'n menigte opregte mense dwarsdeur Duitsland en Europa wat heelhartig 'n terugkeer na die Apostoliese [oorspronklike] geloof en gebruike gesoek het.

Dit is egter nie 'n akkurate prentjie nie.

Dit is 'n geskiedkundige feit dat daar baie selfsugtige en materialistiese redes was waarom die Hervorming plaasgevind het tóe asook hóe dit gebeur het. Baie van die redes was geensins met 'n suiwer godsdienstige motief nie.

Daar is geen twyfel dat politieke, intellektuele en finansiële oorwegings 'n prominente rol gespeel het in die totstandkoming van die Hervorming van die sestende eeu nie. 'n Toenemende gevoel van nasionalisme het veroorsaak dat mense soos die Duitsers, Franse of Engelse gevoel het dat hulle gemeenskaplike belange het

wat teenstrydig was met die van alle buitelanders, selfs dié van die pous.

Namate die stede van Europa groter en hulle meer invloedryk geword het, het die toename in opleiding, welvaart en politieke invloed van die middelklas hulle voorberei om 'n deurslaggewende rol in die komende omwenteling te speel. Hulle het begin ongeduldig raak met die konstante kerklike inmenging in wêreldsake (Walker, Reginald F. *An Outline History of the Catholic Church*, Newman Press, 1944. bl. 289).

Gepaardgaande met hierdie nasionale gevoel, het die toename van onbeperkte mag die verskillende heersers meer onafhanklik van die Stoel van Rome laat voel en hulle het dikwels probeer om onbeperkte beheer van kerklike aanstellings binne hulle gebied te verseker. Dit was die begin van 'n neiging wat later in staatsbeheerde kerke in baie lande 'n hoogtepunt bereik het. Die opvallende vriendskap tussen die pouse en die konings van Frankryk gedurende die Avignon-tydperk,

het in ander nasies aanleiding gegee tot 'n algemene agterdog van pouslike motiewe. Hierdie skandaal is vererger deur die verhoging van pouslike belasting gedurende hierdie tydperk, toe “die verskuiwing van die pousdom na Avignon die inkomste van die pouslike eiendomme in Italië grootliks afgesny het, sonder om die luuksheid of duur uitgawes van die pouslike hof in te boet” (Walker, bl. 292, 296).

Baie klagtes is nie net deur individue uitgespreek teen die baasspelerige oorheersing van die pouse, die bedrog, geweld, gierigheid en ongeregtheid van Rome nie, maar ook deur die meeste magtige konings en deur hele nasies. Die aстранheid en tirannie van die pouslike gesante, gepaardgaande met die misdade, onkunde en morele verdorwenheid van priesters en monnike, het veroorsaak dat mense oral gesmag het na 'n hervorming van die kerk “in sy hoofde en sy lede” (Mosheim, John L. *Institutes of Ecclesiastical History*, Volume 3. bl. 24).

Terselfdertyd as al hierdie geweld, was daar die merkwaardige beweging, bekend as die Renaissance of ook as die ontwaking van Europa, wat gelei het tot 'n nuwe belangstelling in wetenskap, letterkunde en kuns. Dit was 'n beweging wat die verandering van middeleeuse tot moderne idees, kultuur en denkwyses teweeggebring het.

Indien ons die hervorming wat volg wil verstaan, moet ons eers die wisselwerking en optrede ondersoek van elk van hierdie faktore wat so 'n belang-

rike rol gespeel het in sy verloop en finale resultaat

Politieke en finansiële oorsake vir hervorming

Soos ons gesien het, het pouslike mag sy hoogtepunt onder Hildebrand (1073-1085) bereik. Hy het homself – selfs meer as sy voorgangers – ten doel gestel om die “Heilige Romeinse Ryk” totaal ondergeskik aan die Roomse Kerk te maak. Die voortsetting van hierdie inisiatief het 'n langdurige stryd om mag tussen die pousdom en die Ryk veroorsaak. In hierdie stryd het die pouse baie groter voorsprong bo die keisers gehad. Die werklike gesag van keisers in gebiede waar hulle geheers het, was ver van gelykstaande aan gebiede wat deur die kerk oorheers is. 'n Baie effektiewe bydrae was gevind in die ingesteldheid van die Duitse prinse self wat die mag van die keisers gekontroleer het. In die kruistogte het die pouse die geleentheid gehad om die godsdienstige entoesiasme van die gewone mense van alle nasies te lei (Fisher, George P. *The Reformation*, Scribner, 1873, bl. 26-28).

Uiteindelik het die pousdom getriomfeer in hierdie stryd en die berouvolle keiser, Henry IV, was gedwing om homself onderdanig te verklaar aan Pous Hildebrand om die trou van sy onderdane te behou. Ons sien dus die spektakel van die *kerk wat oor die staat regeer* en sý wil aan konings en keisers dikteer.

Die kerk het inderdaad die Ryk lank reeds tot 'n mate

oorheers, maar nooit so volkome nie. “In die agtien jaar (1198-1216) waarin Innocent III regeer het, het die pouslike instelling in volle glorie glansryk geskyn. Die afdwinging van selibaatskap het die hele liggaam van die geestelikes in 'n nouer verhouding met die soewereine pous geplaas. Die plaasvervanger van Petrus het die plaasvervanger van God en van Christus geword. Die koning was in vergelyking met die Pous, so ver verwyder soos die maan van die son. 'n Kleiner liggewer wat met geleende lig skyn”. (Fisher, bl. 29-30).

Ons sien dus dat die pouse hulleself as *God op aarde* voorgestel het. Hulle het verkondig dat Jesus Christus Sy duisendjarige heerskappy op aarde *deur hulle* gaan vestig.

Voordat hierdie pouslike mag egter lank genoeg uitgeoefen kon word, het dit duidelik geword dat daar **nuwe magte** in Europa tot stand gekom het om sy oppergesag uit te daag. Die patriotisme van die mense in baie lande het gevolglik 'n onwilligheid gehad om hulle te onderwerp aan buitelandse oorheersing oor hulle eie nasionale kerke. Daar was 'n onwilligheid om 'n “Petruspenning” vir die bou van pragtige katedrale in Rome te betaal (Hurlbut, Jesse L. *The Story of the Christian Church*, Zonder-van Uitgewers, 1970, bl. 118).

Misbruik van Godsdienstige ampte

In die uitoefening van sy politieke en finansiële mag was

die Katolieke kerk besig om sy eie ondergang te bewerkstellig. Dit wou voorkom of die pouse 'n onversadigbare drang na geld gehad het. Hierdie rykdom was nie net gebruik in hulle najaging van 'n wellustige en gemaklike lewe nie, maar om *vriende* en *mag* te koop. Die Roomse biskoppe was in staat om hierdie geld van hulle niksvermoedende volgelinge in te vorder op verskillende maniere wat onder die dekmantel van godsdiens verberg was.

John Mosheim beskryf hierdie misbruik van mag: “Hierdie slenterstreke word aflaatgeld genoem. Dit is die vryheid om strawwe van sondes af te koop deur geld vir vrome gebruike by te dra. Hierdie gebruik van aflaatgeld het 'n vername plek beklee. Die biskoppe het hulle tot hierdie bron van inkomste gewend sodra die pouslike tesourie se finansies uitgeput geraak het. Dit was tot groot nadeel van openbare belang. Onder sommige geloofwaardige, maar meestal valse voorwendsels, was die onkundige en vreesagtige mense mislei deur die algemeen losbandige en sedelose smouse van aflate, met die belofte van groot voordele wat dit sou inhou” (Mosheim, bl. 88).

Hierdie skandale het in die oë van baie Duitse prinse byvoorbeeld, 'n baie goeie rede verskaf om die pouslike juk af te gooi – hetsy deur “hervorming” of opstand – ten einde hulleself van pouslike belasting en inmenging te bevry en om

beslag te lê op die rykdom van die kerke en kloosters. Luther se latere aanval op die pouslike finansiële beleid en belasting het dadelik van hom 'n held van die Duitse middelklas en indirek ook van al sy landgenote gemaak wat lankal gevoelens van wrewel teenoor die slinkse en gemaksugtige Italianers gekoester het.

Dieselfde situasie het naastenby in Engeland bo-toon gevier. Koning Henry VIII het die grootste deel van die koninklike geldkas vermors wat hy van sy nog meer geslepe pa geërf het. Terselfdertyd was daar toenemende ontevredenheid onder die adellikes as gevolg van buitensporige hoë pouslike belasting. Die oorvloedige rykdom van die kloosterordes sou 'n baie goeie opbrengs lewer indien die pouslike gesag beëindig kon word. Dit is beduidend dat een van Henry se eerste aksies was – nadat hy homself as die “opperhoof van die kerk en geestelikes van Engeland” verklaar het – om te beveel dat *beslag* op die rykdom van die kerk *gelê word*, veral op dié van die kloosterordes.

Deur koninklike nalatigheid en buitensporighede het daar 'n groep “aandeelhouders” te voorskyn gekom wat die kloosterbuit gedeel het. Onder hierdie delers was diegene wat gevestigde belange gehad het in die voortgesette skeiding van die kerk van Rome. Hierdie groep was 'n invloedryke waarborg teen enige latere stappe vir versoening met die pousdom (Walker, bl. 56).

In die lig van hierdie vele versoekings en die nasionalistiese neiging wat reeds aan die gang was, moes dit die primêre belang van die pouse gewees het om die politieke en finansiële besware van verskeie nasies te versoen. Dit was egter *nie* die geval nie.

Terwyl die pousdom alles moontlik moes doen om te verhoed dat die volke van Europa met hulle meedoënlose finansiële beleid nog meer ergerlik word, het dit net die teenoorgestelde reaksie gehad. Pouse het dikwels die rykdom wat hulle van aflaatgeld verkry het asook die verkoop van kerklike ampte, gebruik om hulle eie familieleden te verryk of om die state van die Roomse Kerk te versterk.

Fisher beskryf die ellendige karakter van sommige van hierdie pouse: “Innocent VIII het, behalwe om die rykdom van sewe buite-egtelike kinders te verhoog en twee oorloë met Napels te voer, 'n jaarlikse omkoopsom van die Sultan ontvang om laasgenoemde se broer en mededinger in die gevangenis aan te hou, in stede daarvan om hom te stuur om 'n aanval teen die Turke, die vyande van die Christendom, te lei. Alexander VI, wie se boosheid aan die donker dae van die pousdom in die tiende eeu herinner, het hom besig gehou om 'n vorstedom vir sy gunsteling seun, die monster van verdorwenheid, Caesar Borgia, op te bou. Hy het ook skatte versamel deur middel van onedele en wrede metodes, ter

ondersteuning van die losbandige Roomse hof. Daar word gesê dat hy van die gif gesterf het wat hy laat voorberei het vir 'n ryk kardinaal wat op sy beurt weer die hoofkok omgekoop het om dit vir die Pous self voor te sit” (Fisher, bl. 44-45).

Dit is dus duidelik dat toe die hervormers hulle pleidooie vir 'n breuk met die pouslike gesag begin het, die wye reaksie dikwels nie soseer vanuit opregte godsdienstige motiewe gekom het nie, maar van die praktiese en ingebore begeerte van baie mense om vir hulleself die politieke en finansiële belonings toe te eien wat tot op daardie stadium deur die Roomse Kerk teruggehou of beheer is.

Die Renaissance

Nog 'n belangrike faktor in die voorbereiding van die weg na die Hervorming, was die herlewing van onderwys, letterkunde en kuns wat die Renaissance genoem is. Die leiers van hierdie beweging was nie gewoonlik priesters of monnike nie, maar leke. Dit het as 'n literêre beweging begin en was nog nie openlik anti-godsdienstig nie, maar slegs skepties en ondersoekend. Dit was sterk ondersteun deur Gutenberg se uitvinding van die drukpers in 1455. Vir die eerste keer kon boeke nou by die duisende wyd versprei word en dit is van belang dat die Bybel die eerste boek is wat gedruk was.

Die Renaissance het patriotisme aangemoedig en het

gedien om die produksie van 'n nasionale letterkunde te inspireer. Dit het onafhanklikheid van gedagte en nasionale beleid aangemoedig en het gelei tot die ontwikkeling van die moderne Europese nasionalistiese konsepte soos ons dit ken. Namate sterk nasionale regerings ontstaan het, het dit natuurlik geneig om die gesag wat as die universele kerk beskou was aan bande te lê. Die invloed van die pous en geestelikes is al hoe meer beperk tot die godsdienstige sfeer, en die diplomatieke beleid van elke nasie het 'n meer onafhanklike rigting ingeslaan.

Verhoogde belangstelling in die heidense klassieke werke het 'n opvallende invloed op die geleerde mense uitgeoefen. Dit het veroorsaak dat hulle weggebreek het van die Middeleeuse skolastiek en in baie gevalle ook met alle sodanige ernstige betrokkenheid by godsdienste.

Die Middeleeuse ideale was wêreldvreemd en het selfverloëning aangemoedig. Die Renaissance het humanisme en die uitdrukking van die ingebore neigings van die mens ingestel. Die gesindheid van vroom afsondering het aanleiding gegee tot die soeke na volle vermaak van alles wat die wêreld kan bied.

'n Rationele ondersoek na die geskiedenis en literatuur van die verlede het baie dokumente van die kerk aan kritiese ondersoek onderwerp. 'n Groep van geskiedkundige kritici is deur Lorenzo Valla begin

(1405-1457). Hulle het die valsheid van die Skenking van Konstantyn blootgelê en die Apostoliese oorsprong van die Apostels se Geloofsbelydenis ontken. Al hierdie ondersoek en herlewing van menslike belange, het gedien om die gesag en invloed van die Katolieke kerk te ondermyn.

Ongeveer twee geslagte voor die Protestantse Hervorming het die pouse self probeer om in die gees van die Renaissance te kom. Die pouse van daardie tyd was eerder deur kultuur gekenmerk dan godsdienstige geloof. Dit het natuurlik tot gevolg gehad dat die pouslike hof nog meer wêrelds geword het en 'n toenemende vraag na 'n hervorming van die kerk tot gevolg gehad het.

“Een groot voordeel van die Renaissance was die hernude belangstelling in die studie van Hebreeus en Grieks. Dit het 'n beter begrip van die Bybel bevorder waarop die groot hervormingswerk van Luther, Zwingli en Calvyn gebaseer was. Sonder hierdie voorbereiding sou hulle werk nie moontlik gewees het nie” (Qualben, Lars P. *History of the Christian Church*, Wipf en Stock Uitgewers, 2008, bl. 199).

Die mees uitstaande Renaissance-geleerde was moontlik Desiderius Erasmus, wat daarvan beskuldig was dat hy “die eier gelê het wat Luther uitgebroei het”. Hy het in verskeie Europese lande studeer. Hoewel hy in die eerste plek 'n Rooms-Katoliek was, het sy uitdagende spitskrifte oor die

geestelike mishandeling van sy tyd en sy oproep om terug te keer na die eenvoud van oorspronklike Christenskap, 'n diepgaande invloed op die geleerde mense van sy tyd gehad en het hy deur hulle die massas van die Europese volke bereik.

Erasmus was daarvan oortuig dat die Roomse stelsel met bygeloof en korrupsie gevul was. Tog wou hy nie met Katolisisme breek nie. Hy het dit sentimenteel beskou as die “moeder” van die samelewing en die kunste. Hy was té intellektueel om met die Lutherse opstand te simpatiseer, waarvan die brutale buitensporigheid hom afgestoot het.

“Gevollik het nie een van die partye in die stryd, wat hy in die laaste deel van sy lewe gevoer het, hom verstaan nie en sy nagedagtenis is deur twis-skrywers, Protestante sowel as Katolieke, veroordeel. Sy eie mening was dat onderwys, die terugkeer na die oorsprong van die Christelike waarheid en die geseling van onkunde en onsedelikheid deur genadelose spotskrif, die kerk sou suiwer. Hy het vir hierdie einddoel gewerk” (Walker, bl. 329).

Ons vind dus dat die humaniste gehelp het om die weg vir die Hervorming voor te berei. Hulle het baie van die Katolieke teologie in onguns gebring. Hulle het mense aangemoedig om die Bybel en vroeë kerkskrywers vanuit 'n nuwe oogpunt te bestudeer. Hulle het gehelp om die idees van die mense uit die Middel-

eeuse tradisies te bevry en het 'n era begin van onafhanklike geleerdheid en denke wat rondom die begeertes en behoeftes van die mens gesentreer is.

Met die totstandkoming van nasionalisme, die uitvinding van die drukpers en toenemende verspreiding van kennis, sou hierdie intellektuele beweging uiteindelik geweldige veranderinge in Middeleeuse Katolisisme sowel as in die vryheid van die individu tot gevolg hê, selfs al was daar geen Luther, Zwingli of Calvyn nie. Dus, toe die Hervorming begin het, is dit voortgedryf tot sukses deur magte wat suiwer intellektueel en dikwels ongods-dienstig van aard was.

Godsdienstige misbruike wat Hervorming vereis het

Die besonderhede van die agteruitgang van die morele waardes en kerklike korrupsie gedurende die tydperk net vóór die Hervorming is so bekend dat dit slegs 'n kort opsomming en ontleding hier benodig. 'n Lewensbelangrike vraag ontstaan nogtans – een wat gewoonlik oorgesien of eenkant toe geskuif word. Dit is die fundamentele vraag *of* die verheidense, radikaal-veranderde en korrupte godsdienstig-politieke beweging wat die nasies van Europa oorheers het, genoem die Rooms-Katolieke kerk, in werklikheid die regmatige en wettige opvolger van die oorspronklike Apostoliese Kerk was – die *een ware Kerk* wat Jesus Christus gesê het Hy sal bou.

Soos ons egter later sal sien, baseer die Protestantse kerke as 'n geheel, hulle aanspraak op 'n historiese eenheid met die Apostoliese Kerk, op hulle direkte afkoms van die Rooms-Katolieke kerk, hulle “moederkerk”.

Was hierdie kerk die Kerk wat Jesus gebou het? Was sy leiers en sy lede gevul met en gelei deur die Gees van God? Dit is 'n belangrike punt, want soos die apostel Paulus sê: “Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie” (Romeine 8:9).

Ons kan nie anders as om ons gevolgtrekkings uit die verklarings van erkende geskiedkundiges op hierdie gebied te maak nie. 'n Direkte vergelyking word deur Plummer gemaak: “So gou as wat die herlewing van skrywes veroorsaak het dat die inhoud van die Nuwe Testament en die leerstelling van die vaders bekend geraak het, is ingesien dat dit wat aan die einde van die vyftiende eeu as Christelikheid deurgegaan het, skaars as sodanig herkenbaar was wanneer dit vergelyk word met wat ons weet van Christenskap aan die einde van die Apostoliese tydperk” (Plummer, Alfred. *The Continental Reformation in Germany, France and Switzerland from the Birth of Luther to the Death of Calvin*. Scribner, 1912. bl. 11).

'n Skilderagtige en omvattende beskrywing van hierdie toedrag van sake soos wat dit die daaglikse lewens van die mense beïnvloed het, word

deur die bekende geskiedkundige D'Aubigne gegee: "Kom ons bekyk nou die toestand van die kerk vóór die Hervorming. Die nasies van die Christendom het nie meer opgesien na 'n heilige en lewende God vir die vrye gawe van die ewige lewe nie. Om dit te verkry, het hulle hul beroep op alles wat 'n bygelowige, vreesagtige en verontruste verbeelding kon uitdink. Die hemel was met heiliges en bemiddelaars gevul, wie se plig dit was om hierdie genade te versoek. Die aarde was met vrome werke, offerandes, voorskrifte en seremonies gevul waardeur dit verkry moes word." (D'Aubigne, Jean H. M., *History of the Reformation*, R. Carter, 1850. bl. 17).

Christus was as 'n *hardvochtige regter* uitgebeeld wat bereid was om enige persoon te veroordeel wat nie die voorbidding van die heiliges aangeriep of hulle tot die pouslike aflate gewend het nie.

Baie middelaars [voorbidders] het in die plek van Christus verskyn. Eerstens was dit die Maagd Maria, soos die Diana van die heidendom en daarna die heiliges – wie se getalle voortdurend deur die pouse vermeerder is.

Godsdienstige pelgrimstogte is voorgeskryf as boetedoening vir sonde. Daar was byna net soveel godsdienstige oorde vir pelgrims as wat daar berge, woude en valleie was. Op hierdie pelgrimstogte het die mense geld en enigiets van waarde vir die priesters gebring

– hoenders, eende, ganse, byewas, strooi, botter en kaas.

D'Aubigne gaan voort: "Die biskoppe het nie meer gepreek nie, maar hulle het priesters, klokke, monnike, kerke, kapelle, beelde, boeke en begraaftplase geheilig. Dit alles het 'n groot inkomste voorsien. Bene, arms en voete is in goue en silwer houers bewaar. Dit was tydens die mis aan die gelowiges uitgedeel om te soen en was ook 'n bron van groot inkomste. Al hierdie mense het volgehou dat die pous 'in die tempel van God as God sal sit' en geen fout kon maak nie. Hulle sou geen teëpratersy duld nie" (*ibid.*).

Daar word vertel dat in dieselfde kerk waar Luther in Wittenberg gepreek het, 'n sogenaamde klein stukkie van Noag se ark vertoon is, sowel as 'n stuk hout uit die wieg van Jesus, 'n bietjie hare van die baard van St. Christopher en negentienduisend ander aandenkings.

Hierdie godsdienstige oorblyfsels is op die platteland gesmous en aan die gelowiges verkoop vir die geestelike waarde wat dit veronderstel was om te verleen. Die swerwende verkopers het 'n persentasie van hulle winste aan die oorspronklike eienaars van die aandenkings betaal. "Die koninkryk van die hemel het verdwyn en in sy plek is 'n mark van gruwels op aarde begin" (*ibid.*).

Die losbandige geestelikes

Indien die lede van hierdie belydende Christendom ge-

deeltelik verskoon kon word – soos wat baie geskiedkundiges probeer doen, weens die heersende onkunde en gebrek aan die regte geestelike leiding – dra geeneen van hierdie verontskuldigings enige gewig wanneer dit op die hoër geestelikes en die pouse self toegepas word nie. Hierdie manne het alle voordele van onderrig en kennis gehad, *indien* hulle werklik van hierdie voordele gebruik sou wou maak.

Die betreurenswaardige korrupsie van die Roomse Kerk gedurende die eeu net voor die Hervorming is skokkend. Baie van die pouse was niks meer as "gerespekteerde" rampokkers nie.

Geen spoor van die Heilige Gees van God word in hulle woorde of daade gevind nie. Tog het hulle die kerk *gelei* en *verteenvoerdig* wat veronderstel was om die enigste Kerk van God op aarde te wees! Wat twee van hierdie pouse betref, sê Wharey: "Sixtus IV het sestien buite-egtelike kinders gehad vir wie hy spesiaal voorsiening voor gemaak en hulle ook verryk het. Van al die pouse van hierdie tydperk het Roderic Borgia, wat die naam van Alexander VI valslik aangeneem het, almal in goddeloosheid oortref. Hy is die Catilina van die pouse genoem en die onheilighe, misdaad en afskuwelike daade wat van hom opgeteken is, is so baie en so groot dat hy sekerlik brandarm was, nie net aan enige goddiens nie, maar ook aan ordentlikheid en skaamte". (Wharey, James. *Church*

History, 1840, bl. 211-212).

Dit was vir die priesters in daardie tye algemene praktyk om omkoopgeld aan hulle biskoppe te betaal vir die onwettige byvroue met wie hulle hul beddens gedeel het en dus vir elke buite-egtelike kind wat gebore is (D'Aubigne, bl. 18). Die Roomse godsdiens het nie meer enigiets bevat wat met agting bejeën sou word deur diegene wat werklik vroom van gemoed was nie. Byna die hele aanbidding tot God het uit uiterlike heidense seremonies bestaan. Sodanige preke wat per geleentheid tot die mense gerig was, was nie net sonder enige smaak en gesonde verstand nie, maar dit was gevul met fabels en walglike versinsels (Mosheim, bl. 547).

Het God se ware Kerk korrup geraak?

Nadat hulle sêlf van hierdie besonderhede vertel het – die geestelike stank, opperste verdorwenheid van sedes en totale onkunde of verontagsaming van alle Christelike waarheid en deugde wat die Roomse Kerk vir baie geslagte gekenmerk het – probeer hierdie einste Protestantse skrywers in die volgende asem om hierdie verwerplike stelsel die “Kerk van Christus” te etiketteer – die Kerk wat Jesus gesê het Hy sou bou, die geesvervulde liggaam waarvan Hy die *lewende* “Hoof” is! (Efésiërs 1:22).

Let op D'Aubigne se droewige jammerklag: “Die boosheid van die 'sterk misleiding' is onder

alle geledere versprei; die korrupsie van die gebruike het ooreengestem met die korrupsie van geloof. 'n Misterie van ongeregtheid het die *tot slaaf gemaakte Kerk van Christus*” onderdruk (D'Aubigne, *History of the Reformation*, bl. 20).

Daar is geen twyfel aan die feit dat 'n suiwering en opruiming van hierdie samelewing nodig was nie. Oor die sogenaamde feit dat hierdie *totale heidense* stelsel die Kerk van God op aarde was, bestaan daar *groot twyfel*.

Die beskrywing van die ware Kerk soos in die Nuwe Testament weergegee word, is in werklikheid in *totale teenstrydigheid* met die geloof, die gebruike en die lewe van Rooms-Katolisisme soos dit vir honderde jare bestaan het!

Die geïnspireerde opdrag van Petrus om te *bekeer* en *gedoop* te word (Handelinge 2:38) is deur die Roomse bevel van “boetedoening” vervang deur te bely en geld aan die priester te betaal. Die Apostoliese lewenswyse van *liefde* en *gehoorsaamheid* aan God se geestelike Wette is vervang met 'n patroon van *vrees* en 'n bygelowige nakoming van spesiale vastye, feeste en kerkfeeste wat absoluut vreemd was aan Christus en die ware vroeë Kerk.

In plaas van die geïnspireerde vorm van kerkregering wat deur Christus ingestel en deur die Apostels voortgesit is, vind ons 'n korrumperte hiërargie van priesterlike ampte wat nie

eers in die Bybel genoem word nie. Aan die hoof van die hele korrumperte stelsel vind ons die Roomse pous wat “as God in die tempel van God sal sit” (2 Thessalonicense 2:4), wie self dikwels ongehoorsaam aan al die Wette van God en die mens is. Tog gee hy met outoriteit voor dat hy steeds die “plaasvervanger van Christus” is en mense toelaat en aanmoedig om hulle voor hom neer te buig in 'n soort aanbidding wat Petrus en die ander Apostels sou vrees om toe te laat (Handelinge 10:25-26).

Was hierdie uiters vals vernederende godsdienstig-politieke stelsel die ware afstammeling van die Kerk wat Jesus en die Apostels gestig het? Sou 'n “hervorming” van hierdie smerige stelsel 'n voortsetting van die ware Kerk wees?

Dit is die werklike *basiese* vrae wat ons in aanmerking behoort te neem. Laat ons nie ons oë sluit vir die feit wat nie ontken kan word nie, dat die Protestantse kerke *direk* uit die Rooms-Katolieke stelsel afkomstig is en só ontstaan het.

Soos ons nou gesien het, het politieke, ekonomiese, sosiale, intellektuele en godsdienstige faktore regdeur die nasies van Europa, 'n universele omwenteling voorspel. *Politieke* en *finansiële* oorwegings het 'n baie belangrike rol in die komende hervorming gespeel.

Wat was die ware belangrikheid in die algehele *plan* en *doel* van die ewige God toe die

Vervolg op bladsy 22

Seuns: Die nuutste slagoffers van die nuwe linksgesindes

Deur Stuart Wachowicz

In 'n artikel in *The Province* (12 Junie 2014) met die titel "*The Guys Crisis: Boys are falling badly behind the girls in school*", sê die skrywer Paul Luke: "In die hoërskool oortref meisies se uitslae oor die algemeen dié van seuns. In Kanada is 60% van universiteit-studente dames". Hy verduidelik die verskynsel deur te beweer dat die behoeftes van meisies te lank in die skool oor die hoof gesien is en nou dat dinge meer regverdig is, oortref meisies die seuns wanneer dit by studie kom. Is dit regtig die geval?

Onlangs het dr. Jim Dueck, skrywer en voormalige Assistent-Adjunkminister van Onderwys vir die provinsie Alberta en voormalige hoof van Aanspreeklikheid- en Studentevaluering, 'n onthullende ontleding gedoen oor huidige praktyke in studente-evaluering. Die uitslae was nie net merkwaardig nie maar baie ontstellend en openbaar wat eintlik 'n institusionele onderdrukking van die prestasievermoë van manlike studente kan wees.

Dr. Dueck het sy ontleding gebaseer op die uitslae van die provinsiale diploma-eksamens, wat deur alle graad twaalf studente in hoof vakgebiede geskryf is. Hierdie standaard-eksamens word gebruik om toelatingsvereistes vir nasekondêre programme te bepaal. Geskiedkundig maak die eksamens 50% uit van die

finale punt van die studente, terwyl die ander 50% deur die kursusinstrukteur toegeken word.

Aangesien die eksamens noukeurig opgestel word om die studente se begrip van die leerplan te bepaal, behoort daar relatief min variasie te wees tussen die onderwyser-toegekende punt en die punt wat in die provinsiale eksamen verkry word. Aangesien die klaskamer se onderrigstandaarde gedaal het weens die beduidende toename in "progressiewe" of "ontdekkingsleer"-strategieë en minder gefokus is op direkte onderrig, is dit opgemerk dat die onderwyser-toegekende punte oneweredig hoër as die eksamenpunt is. Hierna word gewoonlik as "punte-inflasie" verwys.

Dr. Dueck het die ontleding nog 'n stap verder gevoer en skryf: "Terwyl graadinflasie 'n ernstige probleem is omdat belastingbetalers nie die vlak van opvoeding ontvang wat hulle glo hulle gekoop het nie, is hulle ook onbewus daarvan dat manlike studente se punte aansienlik laer aangepas word. Navorsing toon nou dat hierdie *diskriminasie teen manlike studente* veral oor Noord-Amerika en Europa duidelik is" ("*Males: The Hidden Underclass*", parentchoice.ca).

Sy ontleding van die Junie 2016 eksamenuitslae toon dat die punte-inflasiekoers vir

meisies konsekwent hoër was in Engels, Wiskunde, Biologie, Fisika en Sosiale Studies (Geskiedenis). In laer graad (nie-universiteitstoelating) kursusse het die onderwyser-gegewe resultate selfs 'n groter geneigdheid getoon om vroulike studente te bevoordeel. Nogtans het die uitslae van die provinsiaal-geadministreerde eksamens getoon dat manlike studente se punte gelykstaande of hoër is in vyf uit die ses vakke.

Dr. Dueck voeg by: "Hierdie voordeel het tot gevolg dat meer beurse en plasings in vooraanstaande universiteite plaasvind en verduidelik waarom 11 Kanadese universiteite nou 'n *vroulike studentetal van meer as 66% het*" (*ibid.*).

Ongelukkig, soos dr. Dueck aantoon, blyk die neiging dwarsdeur Kanada, die Verenigde State en Wes-Europa om die opvoedkundige uitslae van vroulike studente kunsmatig te verhoog endemies te wees. Die gevolg hiervan is natuurlik die beduidende en potensieel rampspoedige verlies van akademiese deelname van manlike studente in die toekoms. Dit sal nie net massiewe ekonomiese gevolge hê nie, maar sal ook uit 'n maatskaplike perspektief uiters destabiliserend wees.

Maatskaplike "heropbou" of maatskaplike vernietiging?

Oor die afgelope vier dekades was daar 'n voortdurende

verskuiwing in Kanadese en Amerikaanse skole van 'n direkte onderrigmodel waar onderwysers die leerders 'n ryk kennis-gebaseerde kurrikulum geleer het, na 'n *ontdekkingsmetode* of konstruktiewe model van onderrig. Hierdie nuwer metodes kan redelik goed vergelyk word met dalende opvoedkundige standaarde regoor Noord-Amerika.

Hierdie verandering is 'n uitvloeisel van die invloed van die “Nuwe Linksgesinde” – 'n beweging van die 50's en 60's. Radikale aktiviste wat in Noord-Amerika en Wes-Europa ontstaan het, het gelei tot baie van die gewelddadige protesaksies van die 1960's. Hulle het latere groepe met verskillende belange op die gebied van maatskaplike verandering in die samelewing beïnvloed. Herstrukturering van onderwys was 'n belangrike metode om lewering van maatskaplike revolusie teweeg te bring. Waardes van die vorige generasie, tradisionele rolle, die plek van godsdiens en die geskiedenis en literatuur wat daardie stories vertel het, moes onderdruk word met nuwe waardes en ander rolmodelle wat bevorder moes word om die menings van die samelewing te hervorm. Die lank-verwerpte filosofie van “konstruktivisme” was weer geaktiveer om toekomstige generasies van hulle kulturele agtergrond te *distansieer*.

Die *navraag-gebaseerde model* is op die *konstruksionele* leerteorie gebaseer. Dit beteken dat 'n probleem aan 'n student gestel word wat dan deur middel

van sy of haar eie ervaring, 'n oplossing soek of 'n waarheid of verhouding ontdek wat die student sal help om 'n situasie of feit te verstaan. Hierdie metode kan goed werk met gevorderde studente wat reeds vaste beginsels gebou het. Baie bekende navorsers spreek egter ernstige kommer uit omdat die metode nie ag slaan op wat deur kognitiewe wetenskaplikes verstaan word oor hoe die menslike brein leer nie. Sonder 'n voorafbestaande basis van kennis om nuwe inligting te evalueer, werk ontdekkingsleer nie. Dié benadering gaan gesonde verstand te bowe. Die algemene publiek is onbewus van hoe radikaal hierdie verandering in die opvoedkunde is en hoe dit studente verder sal benadeel – veral manlike studente wie se leerstyl 'n grondslag van feite benodig.

Daar is 'n liggaam wat toenemend navorsing doen om die skynbare voordeel wat vroulike studente in die openbare skoolstelsel geniet, as gevolg van hulle inskiklike en passiewe gedrag in die klaskamer, te ondersoek. (Fakulteit van Opvoedkunde, Rhodes Universiteit: *Gender Differences in Conformity*). Manlike studente is meer geneig om twyfel oor 'n onderwerp uit te spreek en om hulle onderrig te betwis. Hierdie gedragsverskil wat noodsaaklik is vir studiebeurse, blyk die bron van negatiewe diskriminasie in moderne skole te wees. Soos dr. Dueck daarop wys: “Navorsers skryf hierdie vroulike voordeel toe aan hulle meer inskiklike gedrag in die klaskamer. Die

geskilpunt is of die kennis van berekening byvoorbeeld, met klaskamergedrag saamgesmelt behoort te word?” Hy wonder wanneer regerings “sal begin om hulle verantwoordelikheid in hierdie gemors te verstaan en die klasonderwysers se vermoë wat manlike studente verhoed om op 'n gelyke speelveld mee te ding te verminder” (*ibid.*).

'n “Nuwe” manier om dinge te doen?

Moontlik is dit tyd vir ouers en alle belangstellende partye in die samelewing om te besef dat hulle onwetend slagoffers van die ideologiese dwang van die “Nuwe Linkses” geword het. Miskien behoort mense na die kulturele waardes terug te keer wat 'n sterk, goed opgevoede en stabiele samelewing geskep het waarin die potensiaal van jong manne en jong vroue ontwikkel kan word buite die raamwerk van 'n stelsel wat ontwerp is om die potensiaal van seuns te onderdruk.

In hierdie verband behoort ons 'n profesie in gedagte te hou wat as 'n waarskuwing aan die eindtydse afstammeling van Israel gegee is: “Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. o My volk, jou leiërs is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak” (Jesaja 3:12).

Ons kan na 'n tyd uitsien wat ook geprofeteer is om te kom wanneer alle mense met billikheid en regverdigheid behandel sal word in 'n samelewing wat vir geluk ontwerp is. **WvM**

Brexit – 'n smerige skeiding

Deur John Meakin

Op 23 Junie 2016 het die Verenigde Koninkryk in 'n referendum gestem oor die gewigtige vraag: “Behoort die Verenigde Koninkryk 'n lid van die Europese Unie te bly of die Europese Unie te verlaat?” Die skokkende uitslag, met 52% teen 48%, was ten gunste daarvan om die EU te verlaat. So het 'n ongekende nasionale opskudding van geskiedkundige (en selfs “histeriese”) afmetings, as 'n uitgerekte en ingewikkelde proses van bevryding begin.

Dit is omtrent soos 'n eg-skeiding. Wanneer dit duidelik is dat 'n huwelik verby is, dan kom die pynlike proses van onderhandeling oor die voorwaardes van die eg-skeiding. Artikel 50 van die Verdrag van Lissabon bepaal dat 'n lid-land wat die EU wil verlaat, die Europese Raad amptelik in kennis moet stel vanaf watter datum onderhandelings kan begin en dit behoort binne 'n tydraamwerk van twee jaar afgehandel te wees. Artikel 50 was amptelik deur Brittanje aan die einde van Maart 2017 opgeroep na 'n uitgebreide parlementêre debat en 'n suksesvolle stem ten gunste van die amptelike bekendstelling van Brexit. “Egskedings”-prosedure is daarna in alle erns begin, met elke vooruitsig om moeilik en uitdagend te wees.

Dit bring 'n baie belangrike vraag na vore: Kan Brittanje buite die EU oorleef en floreer of

lui hierdie pynlike en komplekse “egskedings” die doodsklok van 'n eens groot nasie? Sal dit 'n selfvernietigende ineenstorting wees wat onherstelbare skade aan komende geslagte sal veroorsaak? Vir 'n duidelike en reguit antwoord kan u oor premier Theresa May se groot visie van 'n nuwe “Globale Brittanje” lees wat duidelik uiteengesit word deur twaalf eenvoudige doelstellings in haar Brexit toespraak van 17 Januarie 2017.

Dit hang van die oorkombaarheid van vier groot struikelblokke af of hierdie suksesvolle toekoms kan realiseer of nie. Kom ons noem dit *seëninge*, aangesien Brittanje nie kan voortgaan om voorspoedig te wees sonder hierdie seëninge op die nasie se pogings nie.

Die mense se goedkeuring

Terwyl net meer as die helfte van die VK verheug is om die EU te verlaat, is 'n bietjie minder as die helfte nie verheug nie en sal byna enige iets doen om daardie besluit om te keer. Mev. May se regering is egter ondubbel-sinnig: Brittanje het gepraat en sy uitdruklike wil moet gestand gedoen word! *Brittanje verlaat die EU!* Brittanje is van plan om vir 'n heeltemal nuwe status te onderhandel as 'n soewereine nasie wat met die EU sal handel dryf. Sal die nasie sy gesamentlike goedkeuring op hierdie positiewe toekoms gee?

Brittanje is 'n demokrasie waarin die wil van die mense uitgespreek word deur die parlement. Wat die parlement sê, word gedoen! Brittanje het besluit dat die parlement toestemming moet gee om Brexit-onderhandelings te begin. Die parlement het daarop aangedring om deurlopend op hoogte gehou te word tydens die verloop van die onderhandelings en sal 'n sê hê in die goedkeuring daarvan – of andersins – op die finale uitslag, wanneer dit ookal in 2018 of 2019 plaasvind. Dit sal na verwagting 'n uitdagende en verbete proses wees, met talle geleenthede om die algehele reis na skeiding te dwarsboom of selfs te ontwrig. Sal die parlement uiteindelik hulle goedkeuring oor die Brexit-proses gee?

Die regerende Skotse nasionaliste, noord van die grens, is vasbeslote om hulle eie (tweede) referendum uit te roep oor wegbreking van die VK iewers gedurende die volgende twee jaar. Hulle voorneme is om die Brexit-onderhandelings te dwarsboom en dit as 'n verskoning te gebruik om die VK te verlaat. So 'n stap kan dus lei tot die verbrokkeling van die Verenigde Koninkryk. Net die tyd sal leer of die Skotte hulle goedkeuring aan Brexit sal gee.

Europa se goedkeuring

Ons behoort nooit die vas-

beradenheid te onderskat wat die EU se leierskap vir hulle visie van 'n “steeds hegte unie” het nie. Die jaar 2017 het die viering van die EU se 60 jaar van vordering in die rigting van hierdie doel gesien. Terwyl sommige mense vra of Brittanje buite die EU kan oorleef, vra ander weer of die EU sonder Brittanje kan oorleef. Gewilde bewegings in Frankryk, Holland, Italië en selfs Duitsland sou graag Brittanje se voorbeeld wou volg indien hulle net kon. Teen die tyd dat die verkiesings in al hierdie lande afgehandel is, sal ons die stand van die EU duideliker sien.

Gevolglik is die EU in geen bui om gaaf te wees nie. Sommige mense sou graag wou sien dat Brittanje gestraf word omdat hulle dinge “deurmekaar krap”, maar so 'n skuif kan die oorlewing van die Unie in sy huidige vorm bedreig. Brittanje het ook gewaarsku dat “geen ooreenkoms” verkiesliker as 'n “slegte ooreenkoms” sal wees. Watter een sal dit dus wees? Sal die EU die Brexit se “partytjie” bederf en sy goedkeuring effektief weerhou of sal wyser raadgewings oorheers, wat tot 'n vriendskaplike en akkomoderende “egskeiding” in die beste belang van albei partye sal lei? Ons behoort te onthou dat die finale uitspraak oor die Brexit-onderhandelings 'n eenparige goedkeuring van al die ander 27 EU-lande moet wees. Dit is 'n groot “vraag” om die minste te sê!

Die wêreld se goedkeuring

Aan die hart van Brexit lê die oortuiging dat Brittanje dit alleen

kan hanteer as “Globale Brittanje” en homself weer op die wêreldtoneel herstel as die groot handelsnasie wat dit eens was. Brittanje het 'n globale mentaliteit in sy DNA en het in die verlede aansienlik ondervinding en ervaring opgedoen in die “metode” om demokrasie, vryheid en handel te verdedig. Brittanje lê na aan die hart van die 52-nasie Statebond en sit in die voorste gestoeltes van die Verenigde Nasies.

Sodra die Brexit-proses voltooi is, wink bilaterale handelstransaksies met die meeste ander nasies – groot en klein. Die V.S. president, Donald Trump, het aangedui dat Amerika, Brittanje voor in die ry sal plaas om vinnig 'n effektiewe handelsooreenkoms in plek te stel. Op die wêreldwye handelsfront lyk die toekoms ná Brexit rooskleurig. Dit lyk asof die meeste van die wêreld se handelsnasies gereed is om hulle goedkeuring aan 'n nuwe “Globale Brittanje” te gee.

God se seën

Dit is 'n groot versoeking om te dink dat God in ieder geval nie te veel oor enigiets van Brexit omgee nie. Dit is egter nie die geval nie. Oortuigende bewyse dui daarop dat Brittanje (saam met Amerika) die ontvanger van God se merkwaardige geboortereg-seëninge aan Abraham deur sy kleinseun (Jakob/Israel) en sy agterkleinseun Josef, was (Génesis 48:13-22). Jakob was God se “oogappel” (Deuteronomium 32:9-10). Dit dui daarop dat God baie omgee vir Brittanje se vooruitgang.

Regdeur die Skrif het God

Israel gewaarsku om Hom nie te vergeet of van Sy Wette af te wyk nie. Dit is vandag nóg so. Ons behoort nooit die belangrikheid van God se seëninge op die wêreldtoneel te onderskat nie en nog minder wat gebeur wanneer daardie seëninge teruggetrek word.

Brexit vind plaas teen 'n agtergrond van algehele wêreldwye agteruitgang. Die mensdom leef reg aan die einde van sy toegestane tyd. Die geprofeteerde tyd van “benoudheid vir Jakob” (Jeremia 30:7) word in die konteks van merkwaardige eindtydse gebeure gestel (verse 30:24) wat die Wederkoms van Jesus Christus insluit om oor die aarde te heers (Jeremia 33:15-16) asook die opstanding van Dawid om die koning (30:9) oor 'n nuwe verenigde nasie van Israel (Jeremia 30:3; 31:27-28) te wees, met wie God 'n **nuwe** verbondsverhouding sal aangaan (31:31-34).

Sal Brexit ten spyte van die beste voornemens, tog ontwrig word en deur onvoorsiene ontwikkelinge oorgeneem word namate die wêreld progressief deur die eindtydse gebeure verswelg word?

Ons wens Brittanje alle voorspoed toe. Moenie die belangrike omvang van God se seën en die konteks van vervulling van eindtydse profesieë vergeet nie. U kan baie meer oor hierdie konteks lees deur aan ons te skryf en u eie gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, te bestel. **WVW**

Waarom kinders die spoor byster raak

Deur Gerald E. Weston

Ons sukkel soms om te verstaan hoe ons ons kinders kan help om op die regte pad te bly. Hierdie eerste van twee artikels help ons om die versoekings te identifiseer waaraan ons so maklik mag toegee.

Welmenende en liefdevolle ouers sukkel en wonder waarom hulle kinders 'n verkeerde rigting inslaan. Sommige ouers is met skuld oorlaai en voel dat hulle misluk het. Andere slaag nie daarin om te erken dat dit heel moontlik iets mag wees wat hulle verkeerd gedoen het nie en blameer groepsdruk, die skole of dat hulle kinders in verkeerde geselskap beland het. Geen regdenkende mens kan groepsdruk en die invloed van die hedendaagse sekulêre onderwys in twyfel trek nie. Dit bied 'n beduidende uitdaging vir enige ouer, maar waarom is sommige ouers meer suksesvol om hulle kinders groot te maak as ander? Kom dit neer op geluk of die val van die dobbelsteen?

Waarom raak kinders die spoor byster? Is daar faktore wat u kanse kan verbeter om gelukkige, goedgemanierde kinders groot te maak wat produktiewe burgers kan word? Is daar foute wat vermy kan word?

Deur my 45 jaar in die bediening, waarvan ek 25 keer by somerkampe gewerk het, het ek met baie tieners en gesinne gewerk. Ek het tieners geken wat skuldig bevind was aan byna alles: Gewapende roof, inbraak en betreding, winkeldiefstal,

manlike en vroulike prostitusie, handsakdiefstal en meer buitewegtelike swangerskappe as wat ek kan tel. Waarom? In hierdie eerste deel van twee aflewings gaan ons na vyf redes kyk waarom kinders die pad byster raak.

Oorsaak nommer 1: Skynheiligheid

Daar is niks erger as skynheiligheid wat sal veroorsaak dat 'n kind vir sy ouers en hulle waardes geen respek sal hê nie. Wanneer ons hulle een manier leer, maar op 'n ander manier leef, kom kinders dit agter. Hulle is meesters om skynheiligheid by ander mense raak te sien, terwyl hulle self meesters van skynheiligheid is. Hoeveel ouers sê, “moenie doen wat ek doen nie, doen wat ek sê”? Ouers wat dreig “ek sal jou mond met seep uitwas as ek hoor dat jy weer daardie woord gebruik”, maar dan dieselfde woord uit hulle eie mond laat kom, veroorsaak dat hulle kinders respek vir hulle verloor. Om 'n kind te leer om goeie sportmanskap te beoefen, sal nie werk as die pa self swak sportmanskap beoefen op die baan, op die pawiljoen of terwyl hy na sport op televisie kyk nie. Kinders moet weet dat hulle ouers konsekwent is in wat hulle

sê en wat hulle doen. Om anders te doen, stuur die boodskap uit dat u nie werklik glo in wat u sê nie.

Geen ouer gaan volmaak leef nie, maar ons belangrikste voorbeeld en lewenswyse moet so na as moontlik wees aan dit wat ons ons kinders leer. Dit is belangrik om te verstaan dat daar 'n verskil is tussen 'n seldsame ouerlike fout en 'n skynheilige lewe. Almal sal genade betoon, selfs ons kinders, wanneer hulle besef dat ons iets buite ons karakter gedoen het. Met ander woorde, diegene rondom ons weet dat ons gewoonlik sekere dinge nie doen nie, maar dit tydelik “verloor” het. Om dit anders te stel, 'n mens kan skuldig wees aan 'n skynheilige optrede, maar nie 'n skynheilige persoon wees nie.

Kinders moet oortuig wees dat hulle ouers opreg is ten spyte van hulle onvolmaakthede – dat wat hulle hul kinders leer, dit is wat hulle werklik glo. Somtyds sal 'n verskoning, eerder as 'n regverdiging, van 'n ouer wat strydig met sy karakter 'n daad begaan het, ver gaan om 'n band tussen ouer en kind te bou.

'n Bestendige, nie-skynheilige lewe *begin vroeg*. Ek onthou dat ek 'n sitkom gesien

het waar die pa met sy lewenslange vriende, herinneringe opgehaal het oor wat hulle gedoen het voordat hulle getroud was. 'n Bietjie later het die pa opgemerk dat sy seun verwese buite sit. Hy vra toe sy seun wat verkeerd is en die het iets soos hierdie geantwoord: "Pa sê altyd dat ek nie dronk behoort te word nie, met motors behoort te jaag nie, ens., maar dan praat Pa en Pa se vriende oor hoeveel pret julle gehad het toe julle daardie selfde dinge gedoen het". Die punt is gestel! Ons sondes van die verlede kom soms wanneer ons dit die minste verwag terug om ons seer te maak.

Oorsaak nommer 2: Gebrek aan wysheid

Ouers moet 'n redelike mate van gesonde verstand en wysheid besit en uitoefen indien hulle wil hê dat hulle kinders hulle moet respekteer en navolg. 'n Bybelse spreekwoord sê aan ons: "Soos sneeu in die somer en soos reën in die oestyd, so pas eer nie by 'n dwaas nie" (Spreekw. 26:1). Geen ouer kan heeltal tred hou met 'n vinnig veranderende wêreld nie, maar om kinders suksesvol groot te maak, moet ons erken wat ons nie weet nie en onself oor krities belangrike onderwerpe onderrig wanneer dit nodig is.

In die 1960's het die Beatles en ander "rock"-groepe 'n dwelmkultuur bekend gestel waarvan ons Westerse wêreld nog nooit herstel het nie. Baie ouers het aan hulle tieners vertel

dat as hulle dagga sou rook, hulle verslaaf sou raak en allerhande slegte dinge sou gebeur. Die feite het nie altyd ooreengekom met die waarskuwings nie. Nie almal raak verslaaf nie en hulle het ook nie almal doodgegaan nie. Ouers was reg om hulle tieners te waarsku om nie daaraan te raak nie. Hulle het instinktief geweet dat daar gevare **was**, maar soms was hulle waarskuwings nie met die nodige kennis en begrip gegee nie.

Dagga is vandag baie sterker as wat dit in die 60's was en vir sommige mense *is* dit verslawend. 'n Mens kan argumenteer of dit sielkundig of fisiologies verslawend is, maar ek het persoonlik diegene geken wat dit probeer het en weer opgegee het, sowel as diegene wat werklik daaraan verslaaf **geraak het**. Die punt is dat wanneer ons kinders sien dat ons nie weet waarvan ons praat nie, hulle respek vir ons sal verloor. Dit is baie beter om te erken dat ons nie weet nie en dan saam met hulle die onderwerp ondersoek eerder as om hulle spreekwoordelik "om die bos te lei". Ouers moet ook waak teen dwase optrede in die openbaar of privaat.

Oorsaak nommer 3: Onregverdigheid

Hoe dikwels hoor ons dat kinders uitroep, "dit is nie regverdig nie"? Wel, die meeste van die tyd *is* dit regverdig, maar dit is belangrik vir kinders om te weet u *is* regverdig in u omgang

met hulle. Dit beteken nie dat regverdigheid gelyk is aan gelykheid nie. John Wooden van UCLA was een van die grootste, dalk **die** grootste basketbal-afrigter van alle tye. Sy spanne het in twaalf jaar, tien nasionale kampioenskappe gewen en in sy boek, *The Call Me Coach*, het hy hierdie insiggewende opmerking gemaak: "Ek behandel my spelers nie almal dieselfde nie, ek behandel hulle regverdig".

Wanneer u u dogter toelaat om die motor op die ouderdom van 16 [Suid-Afrika 18] te bestuur en nie dieselfde voorreg aan u seun gun nie, sal u waarskynlik die klagte hoor: "Dit is nie regverdig nie"! Eerder as om sy protes te ignoreer, is dit belangrik om te verduidelik waarom u daardie besluit geneem het. "Jou suster het bewys dat sy verantwoordelik is. Sodra jy bewys dat jy verantwoordelik kan optree, sal jy ook die sleutels van die gesinsmotor kry". Die feit is dat ons nie op eie houtjie datums vir ons kinders kan stel wat nie verband hou met hulle volwassenheid en karakter nie, maar dit is belangrik dat hulle hoor waarom ons sekere besluite neem. Dit sal hulle nie stuit om te protesteer nie, maar dit is belangrik om te verduidelik waarom ons besluite regverdig is. Dit is nie nodig om dit aan hulle "te bewys nie", aangesien dit dikwels nie moontlik is nie, maar diep in hulle hart mag hulle die waarheid besef.

Terselfdertyd moet ons nie altyd hulle klagtes oor regverdig-

Vervolg op bladsy 21

Vervolg vanaf bladsy 20 – Sal die ruimte die finale slagveld wees?

lonicense 4 beskryf word.

'n Inval van “buitaruimtelike wesens”?

Ons het vroeër gelet op die vrese van sommige mense, soos Stephen Hawking, wat betref 'n inval uit die ruimte. Wanneer Christus terugkeer, sal almal Hom aanvanklik nie as hulle Verlosser aanvaar nie. Sommige mense sal Hom as 'n buitaruimtelike indringer vrees, wat kom om hulle mag weg te neem.

Kan u vir u 'n kombinasie voorstel van al die nasies se militêre magte wat losgelaat word teen Jesus Christus wanneer Hy uit die hemel neerdaal? Dit is presies wat die apostel Johannes in Openbaring 19:19 beskryf! “En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.” Die gekombineerde leërs van rebelse nasies sal teen Christus veg wanneer Hy uit die hemel terugkeer!

Hoe sal Christus reageer? Ons word in Openbaring 19 vertel: “Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid ... En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan;

en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (verse 11, 14-16).

Jesus Christus sal daardie geveg wen, al die nasies verower en die leërs verwoes wat Hom teenstaan. Dank God dat Satan net 'n kort tydjie sal hê om groot verdrukking te veroorsaak voordat hy gebind word en vir 'n duisend jaar in die bodemlose put gegooi sal word. U kan van daardie oordeel in Openbaring 20:1-3 lees. U behoort egter te waak en te bid en die geprofeteerde ruimteoorlog wat voorlê te verstaan, asook die volgorde van profetiese gebeure rondom daardie wêreldgebeurtenis. (Oorweeg dit om ons gratis boekie *Openbaring: Die Verborgenhed Onthul*, aan te vra wat hierdie profesieë in detail verduidelik.)

Na oorlog in die ruimte, 'n wêreld van vrede!

Christus sal *alle* nasies oorwin wat Hom teenstaan. Ons het gesien dat Openbaring 19 die leërs van die nasies van die wêreld beskryf wat saam vergader om oorlog teen die terugkerende Messias te voer. Wat gebeur met hierdie menslike leërs en die geestelike magte agter hulle? “En die dier is

gevangene geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees” (verse 20-21).

Die oorwinnende Koning van die konings sal Sy regering vestig om al die nasies te regeer. Die Koninkryk van God sal met geregtigheid en onpartydigheid oor die planeet Aarde regeer. Dit is die goeie nuus waarin ons ons verheug!

Wie sal die ruimtewedloop wen? Die bemoedigende antwoord is: Jesus Christus sal die ruimtewedloop wen! Hy het al die mag in die heelal. Soos dit in Hebreërs 1:3 gestel word dat Christus “alle dinge dra deur die woord van sy krag”.

Ons behoort uit te sien na die uiteindelijke toekoms van vrede op aarde, vrede in die ruimte en vrede in die hemele. Openbaring 21 openbaar dat die Nuwe Jerusalem vanuit die hemel na die aarde sal neerdaal. Die apostel Johannes beskryf die toneel in vers 1: “En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan”. Dit sal nie 50 geslagte van menslike pogings neem nie, nog minder 'n

Vervolg op bladsy 26

Sal die ruimte die finale slagveld wees?

Deur Richard F. Ames

Sal die mensdom dit verder as die Aarde waag om nuwe moontlikhede en geleenthede te vind? Sal nasionale en internasionale konflikte moontlik na die ruimte bokant ons uitbrei? Sal militêre ideale gevare in die hemele veroorsaak? Sal daar in die toekoms ruimte-oorloë wees? U behoort te weet!

Die meeste van ons op aarde kan na die hemel opkyk en die maan sien. Dit is verbasend om te dink dat twaalf mense werklik al op die oppervlak van die maan geloop het! Sal die mens eendag die maan koloniseer? Sal ruimtevaarders dit al die pad na die planeet Mars waag?

Sedert president John F. Kennedy se bewind het die meeste Amerikaanse presidente, ruimtevaart en die land se Nasionale Lugvaart- en Ruimteadministrasie (NASA), 'n prioriteit gemaak. In die 1970's, ná die maanlandings, het wentelbaanprojekte soos die Internasionale Ruimtestasie en die Ruimtependeltuig belangrikheid verwerf. Terwyl hy nog met sy veldtog besig was, het die V.S. president Donald Trump aan Florida-kiesers gesê: “Ek sal NASA vrystel van die beperking om primêr as 'n logistieke agentskap vir wentelbaan-aktiwiteite, nader aan die aarde, te wees. In plaas daarvan sal ons op ruimtenavorsing fokus. Onder 'n Trump-administrasie sal Florida en Amerika die leiding neem op die weg na die sterre” (*Orlando Sentinel*, 25 Oktober 2016).

Die V.S. is nie alleen in sy belangstelling in die ruimte nie.

In Oktober 2016 was miljoene mense hartseer toe die Europese Ruimte-agentskap (ESA) se Schiaparelli-peiler verlore geraak het terwyl dit na die oppervlak van Mars neergedal het. Soos CNN berig het: “ESA se direkteur-generaal, Jan Wörner, het gesê Schiaparelli se primêre doel was om te toets of hulle 'n suksesvolle Mars-mikro-analiseerder sal kan laat land. 'Om data aan te teken tydens die neerdaling was deel daarvan en dit is belangrik dat ons leer wat gebeur het, sodat ons vir die toekoms kan voorberei” (20 Oktober 2016).

Ons as mense was nog altyd deur die hemele gefasineer en ons behoort beslís so te wees. Soos die Psalmidigter skryf: “Die hemele vertel die eer van God; en die uitspannel verkondig die werk van sy hande” (Psalm 19:2). Namate ons belangstelling ons toenemend in die ruimte in trek, sal die hemele vreedsaam bly? Sal die mensdom in staat wees om sy neiging tot konflik te weerstaan in die gebied bo ons planeet? Wat het Bybelse profesie te sê oor toekomstige konflikte in die hemele?

Groeiende belangstellings en ideale

Dit lyk of die mens se begeerte na ruimteverkenning en presetasies met elke verbygaande dekade toeneem. Soos president Trump in 2016 tydens sy verkiesingsveldtog gesê het, sien baie mense ruimteverkenning as sou dit voordelig hier op aarde wees.

“Ruimteverkenning het aan Amerika soveel gegee, waaronder geweldige trots op ons wetenskaplike en ingenieursbekwaamheid. 'n Sterk ruimteprogram sal ons kinders aanmoedig om na WTIW [Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde] onderwysresultate te streef en miljoene werkgeleenthede en biljoene dollars in beleggings na hierdie land te bring. Die sterkerwordende effek van 'n lewendige ruimteprogram is legio en kan 'n positiewe, konstruktiewe impak op die trots en rigting van hierdie land hê. Waarneming vanuit die ruimte en verkenning buite ons eie ruimte-omgewing behoort voorrang te geniet. Ons behoort ook wêreldwye vennote te soek, omdat die ruimte nie

net aan Amerika behoort nie. Die hele mensdom baat daarby om uit te reik na die sterre” (*science-debate.org/20answers*).

Wat sal ons in die ruimte vind indien ons voortgaan om na die sterre te reik? Die populêre kultuur het vir dekades hulle verbeeld dat ruimtewesens die Aarde se ruimtereisigers sal ontdek. Soms word aan hierdie vreemde wesens gedink as welwillend en vriendelik. Soms is die vreemde wesens egter net so gewelddadig en oorlogsugtig soos mense.

Bestaan daar vreemde wesens? Die Universiteit van Cambridge se fisikus Stephen Hawking dink so en hy dink ons moet versigtig wees. Soos deur *The Times* gerapporteer, was hy van mening dat die bestaan van buite-ruimtelike lewe buite die aarde as 'n feitlike sekerheid oorweeg behoort te word en dat ons enige kontak met hulle behoort te *vermy* en hy sê: “Indien vreemde wesens ons ooit besoek, dink ek die uitkoms sal baie wees soos toe Christopher Columbus die eerste keer in Amerika geland het, wat nie baie goed vir die inheemse Amerikaners uitgedraai het nie” (*“Don't talk to aliens, warns Stephen Hawking”, 25 April 2010*).

Terwyl dr. Hawking se spekulasies meer na fiksie as goeie wetenskap klink, word die pogings om die mens se teenwoordigheid in die ruimte uit te brei, voortgedryf deur praktiese sowel as politieke

strewes.

Moderne nasies het begeer om die ruimte te beheer. Sedert die tyd dat Amerikaners en die res van die wêreld die Russiese satelliet, Sputnik, kon sien wat in Oktober 1957 bo-oor die aarde gewentel het, was die ruimtewedloop aan die gang. President Kennedy het wetenskaplikes en die industrie saamgesnoer om voor die einde van die 1960's 'n man op die maan te plaas. In 1984 het president George W. Bush 'n terugkeer na die maan beoog om 'n basis vir 'n uiteindelijke bemande sending na Mars te vestig. In 2010 het president Obama vir ruimtevaarders 'n doelwit gestel om op 'n asteroïde te land en in 2016 het president Trump herhaaldelik steun gegee vir Amerika se doelwitte om verby die Aarde na Mars te reik.

Selfs nou is ruimtewetenskaplikes besig om vir nuwe en gewaagde ruimteprojekte voor te berei. Op 19 Januarie 2017 het ses wetenskaplikes 'n geodesiese koepel [’n struktuur met die vorm van 'n koepel en die unieke vorm bestaan uit driehoekige “rame” wat baie akkuraat en styf in mekaar pas] van 1,200 vierkante voet [110 vierkante meter] in Hawaii binnegegaan om lewe op Mars na te boots. Volgens 'n verslag van *Associated Press* in Januarie 2017, [Let wel 2017], sal die vier manne en twee vroue “geen fisiese kontak met die buitewêreld hê nie en sal hulle met 'n 20-minute vertraging in kommunikasie met hulle ondersteuningspersoneel werk

of die tyd wat dit sal neem vir 'n epos om die Aarde vanaf Mars te bereik. Die NASA-befondsde projek sal die sielkundige probleme bestudeer wat verband hou met lewe in geïsoleerde en ingeperkte toestande oor 'n lang tydperk. Die Universiteit van Hawaii bedryf die koepel wat as *Hawaii Space Exploration Analog and Simulation of HI-SEAS* bekend staan en NASA het meer as \$2 miljoen toegeken aan die verskillende stadia van die projek”.

Mense is baie ernstig in hulle vasberadenheid om dit in die ruimte te waag, ten spyte van ons fisiese beperkings. Daardie realiteit het andere gelei om ruimte-nedersettings nader aan planeet Aarde te oorweeg. Een tydskrif, wat toegewy is aan ruimteverkenning, *adAstra*, maak melding van die hoë koste verbonde aan ruimte-nedersettings wat aan gevaarlike ruimtebestraling blootgestel word. “Mense het al vir dekades lank oor ruimte-nedersettings gedroom, maar hierdie drome is nie verwesenlik nie. Waarom nie? Omdat die bou van tradisionele ruimte-nedersettings se ontwerpe buitengewoon moeilik is. Gelukkig is daar 'n baie makliker manier” (*“A Radically Easier Market-Driven Path to Space Settlement”,* deur Al Globus, bl. 26). Die artikel gaan voort: “Dit is ons ongelooflike goeie geluk dat daar 'n ruimtelike gebied baie naby aan die Aarde is waar bestralingsvlakke baie laer is as wat oorspronklik vermoed is. Dit is die lae Aarde

wentelbaan (LEO) direk bokant die ewenaar (of ELEO). Die Aarde se magnetiese veld beskerm dié gebied van alles behalwe 'n klein fraksie van ruimtebestraling”.

Die artikel maak melding van 'n markgedrewe benadering waar toeriste vir die koste sal betaal. Sommige ruimtetoeriste het in werklikheid soveel as \$20 miljoen betaal om die ISS, die Internasionale Ruimtestasie, te besoek. Hierdie ruimtevisioenêre verwag dat, aangesien hierdie lae wentelbaan-nedersettings mettertyd meer gewild gaan raak, meer ruimtetoeriste vir 'n groot deel van die koste sal betaal. Hulle verwag dat meer luukse en gesofistikeerde nedersettings 'n realiteit sal word. Die artikel sluit af: “Die volgende stap is natuurlik om groepe van nedersettings na *Alpha Proxima* te stuur en te begin met die duisend miljoen-jaar projek van vergroening van ons sterrestelsel”.

Mense neem hulle natuur saam met hulle

Baie mense is opgewonde oor die idee van die ontwikkeling van menslike nedersettings in die ruimte. Sal daar vrede en rustigheid in die ruimte vir hierdie soort ontwikkeling wees? President Kennedy het in 1962 met insig gevra of “hierdie nuwe oseaan, 'n see van vrede of 'n nuwe skrikwekkende teater van oorlog sal wees”. Indien die mensdom op die ou end nie volgehoue wêreldvrede onder die nasies op die Aarde kon

bereik nie, wat laat ons dink dat ons blywende vrede tussen die nasies in die ruimte sal kan bereik?

Terwyl die visioenêre van ruimte-nedersettings droom, is daar werklike gevaar van oorlog in die ruimte. Die Verenigde State, China, Rusland en ander nasies berei voor vir uiteindelijke oorlog in die ruimte. Wat sal die resultaat wees van toekomstige oorloë in die ruimte?

U Bybel gee die antwoord. U Bybel openbaar 'n toekomstige Derde Wêreldoorlog. Baie mense verwys daarna as die slag van Armageddon. Sal die volgende wêreldoorlog tot buite ons atmosfeer uitbrei? Sal nasies in die ruimte met kragtige en eksotiese wapens veg?

SpaceNews Magazine het in 2016 aan die destydse kandidaat Donald Trump gevra: “Wat sou u prioriteite vir die V.S. regering se militêre ruimteprogram wees?” Hy het geantwoord: “Ons behoort daarop te konsentreer dat ons die dodelikhedsfaktor in gevegte verbeter en om die bewustheid van 'n situasie te verhoog en ook om ons intelligensie-vermoëns uit te brei. Ons moet ook verseker dat ons vroeë waarskuwingsvaardighede sterk bly, asook om in oorlog en vrede na die beste van ons vermoëns te kommunikeer en leiding te gee” (16 Oktober 2016).

“Gevegs-dodelikheid?” Beteken dit dat oorlog in die ruimte voorlê? Sommige mense in Europa en Rusland dink so. Brittanje se koerant *The Sun* het as volg berig:

“Viktor Baranet, 'n Russiese militêre ontleder, het aan *Sputnik News* gesê dat albei nasies in die geheim werk om hulle ruimte-oorlogvermoëns uit te brei en ander nasies sal waarskynlik hulle leiding volg. Hy het gesê: 'Die V.S. gaan volstoom voort om ruimtewapens te ontwikkel.' Baranet beweer dat Rusland vrede in die hemele wil hê, maar word gelok deur Amerika se smousery. 'Ek dink dat as Washington aanhou om Rusland se oproepe vir die demilitarisering van die ruimte te ignoreer, die sogenaamde “gevegsruimtevaarders” 'n werklikheid sal word,' het hy bygevoeg. 'Die mensdom sal moet besluit of die ruimte gemilitariseer gaan word of nie’” (27 Oktober 2016).

Is daardie besluit geneem? Dit is weliswaar geneem! In Julie 2016 het die V.S. lugmag se Ruimtebeheer 'n oorsig van sy planne gegee vir wat die “*Space Mission Force*” genoem word. Wat sal hierdie mag doen? Uit die verslag: “Ons ruimtemagte moet hulle vermoë demonstreer om te reageer op 'n denkende teenstander en opereer as oorlogsvegters in hierdie omgewing ... Indien ons nie hierdie transformasie vinnig kan ondergaan nie, sal ons ons mededingende voordeel in die

ruimte verloor en ons vermoë in gevaar stel om teenstanders suksesvol op alle gebiede te konfronteer” (*SpaceNews.com*, 20 Julie 2016).

Meer as tien jaar gelede het China sy vermoëns in die ruimte demonstreer deur 'n geleide missiel in die ruimte te lanseer om 'n weersatelliet te vernietig. Hierdie voorval het die V.S. se besorgdheid oor die kwesbaarheid van sy eie ruimtesatelliete verhoog.

Die tegnologie van oorlogvoering raak beslis al meer gevorderd! Gewapende hommeltuie nader aan die aarde word as die volgende tendens in militêre hardeware oorweeg. In Januarie 2017 het *New Scientist* gerapporteer oor die V.S. weermag se pogings om 'n missiel te vervaardig wat 'n “menigte gewapende hommeltuie oor 'n teiken-area sal kan dra”. Soos in die artikel gestel: “Terwyl daar baie besorgdheid oor 'moordrobotte' was, word hierdie soort tegnologie nie spesifiek deur internasionale reg gereguleer nie”. Is dit moontlik dat die ruimte bokant ons atmosfeer 'n “nuwe, skrikwekkende oorlogsteater” kan word, waarin gevorderde en selfs kunsmatig-intelligente tegnologieë ontketen kan word?

Die Bybel profeteer oorlog in die hemel!

U Bybel openbaar interessant genoeg, duidelik dat daar in die toekomst 'n dramatiese oorlog in die ruimte sal wees – maar 'n konflik *baie kragtiger* as enigiets

wat tans deur die presidente en generaals van die planeet Aarde ontwerp of beplan word!

Satan die duivel sal God se troon in die hemel aanval! Dit sal 'n stryd wees tussen God se engele-leër en Satan se demoniese leër. Openbaring 12:7 beskryf hierdie konflik eenvoudig: “En daar het oorlog in die hemel gekom: Migaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer ...” Wie sal daardie stryd wen? “... en hulle [Satan en die gevallene engele] kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duivel en Satan, wat die hele wêreld verlei [mislei], hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (verse 8-9).

Hierdie gebeurtenis sal 'n eindtydse volgorde van gebeure inlui wat sal lei tot die Wederkoms van die Messias, Jesus Christus. Satan sal daardie oorlog in die hemel verloor. Hy sal so kwaad wees dat hy sy toorn teen fisiese menslike wesens hier op aarde sal loods. Hoe sal u weet dat 'n groot ruimte-oorlog plaasgevind het? Die hemelse boodskap gaan voort in Openbaring 12:12 met sy sombere waarskuwing: “... wee die bewoners van die aarde en die see, want die duivel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.”

Gevaarlike tye lê voor! Selfs

die wêreld se wetenskaplikes erken dit vandag! Op 26 Januarie 2017 het die *Bulletin of the Atomic Scientists* sy beroemde Oordeelsdag Horlosie dertig sekondes nader aan middernag geskuif, wat die toenemende gevaar van wêreldwye kernverwoesting simboliseer. Die *New York Times* het daardie selfde dag gerapporteer dat teen twee-en-'n-half minute dit “die naaste is wat die horlosie aan middernag was sedert 1953, die jaar nadat die Verenigde State en die Sowjet-Unie mededingende toetse met die waterstofbom uitgevoer het”.

Dit is nodig dat al ons lesers verstaan: Dit sal nodig wees dat u God vir beskerming vertrou tydens die gevaarlike tye wat voorlê! Gedurende die tyd van Satan se toorn, gedurende die Groot Verdrukking waarvan Jesus in Mattheüs 24:21-22 gepraat het, sal Satan die hoofliggaam van God se Kerk aanval. God beskerm die vrou of die Kerk in die woestyn [of wildernis] (Openbaring 12:13-16). Satan val dan die *oorblyfsel* van God se ware Kerk aan – ware Christene wat “die Geboorte van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou” (vers 17). Let wel! Ware Christene het die getuie van Jesus Christus en hulle hou die geboorte van God. Diegene wat getrou is, sal in die eerste opstanding wees om Christus in die lug te ontmoet by die blaas van die laaste basuin, soos dit in 1 Korinthiërs 15 en 1 Thessa-

Vervolg op bladsy 16

Vervolg vanaf bladsy 15 – Waarom kinders die spoor byster raak

heid ignoreer nie. Ek onthou 'n gesin met twee kinders. Die jonger een kon met omtrent enigiets wegkom, maar die ouer een kon oënskynlik niks reg doen nie. Sy het verstaan dat sy nie regverdig behandel word nie en die skade wat aangerig is, was tragies. Dit is goed om selfondersoek te doen wanneer ons hoor, “Dis nie regverdig nie”! Stop en dink. Heel moontlik is dit nie regverdig nie en *indien* dit die geval is, maak 'n aanpassing in die manier wat ingeslaan is. 'n Ouer moet nie deur sulke klagtes mislei of geïntimideer word nie, maar moet selfondersoek doen en ja, *regverdig* wees.

Oorsaak nommer 4: Gebrek aan blootstelling

Dit behoort nie nodig te wees om vir ons te vertel hoe belangrik dit is om tyd saam met ons kinders deur te bring nie, hetsy hulle kleuters of tieners is. Dit moet 'n topprioriteit wees. Dit is so maklik om met ander aktiwiteite besig te raak. Selfsugtigheid is 'n teken van ons tyd. Baie egpare verkies om nie kinders te hê nie, bloot omdat kinders hulle vryheid en pret sal inperk. Ander egpare hét egter kinders, maar leef die kinderlose leefstyl.

Ek onthou die tyd toe my vrou die bure se kleuter opgepas het. Soms wanneer die ma van die werk af gekom het om haar huis toe te neem, het die dogtertjie gehuil omdat sy nie huis toe wou gaan nie. Dit moes 'n waarskuwing vir die ouer

gewees het, aangesien die meeste kleuters tyd saam met hulle moeders wil deurbring – selfs aan hulle wil vasklou. Wanneer 'n klein kindjie meer geheg is aan 'n ander volwassene of wanneer die kind ouer word, meer geheg is aan sy maats as aan sy ouers, is dit 'n gevaarteken. Klein kindertjies kan ons geduld beproef met hulle “gekerm” en gedurige vrae oor hoe alles in hulle klein wêreldjie werk, maar om tyd saam met hulle deur te bring is belangrik. Die ou argument van “kwaliteit tyd saam deurbring” teenoor “kwantiteit tyd saam deurbring” is dwaas. Albei is nodig.

Etlieke dekades gelede het die gewilde Harry Chapin-liedjie “*Cat's in the Cradle*” 'n kragtige boodskap uitgedra. Dit begin met 'n seuntjie wat in die wêreld kom en wie se pa te besig is “om vliegtuie te haal en om rekeninge te betaal”, wat beteken het die seuntjie het geleer “om te loop terwyl ek weg was”. In vers twee wil die tienjarige graag bal speel, maar Pa antwoord: “Nie vandag nie, ek het te veel om te doen”. “Dis goed”, antwoord die seuntjie terwyl hy wegloop en dink: “Ek gaan soos hy wees, ja. Jy weet, ek gaan soos hy wees”. Elke vers van die liedjie word gevolg deur variasies van dieselfde refrein namate die liedjie vorder:

*And the cat's in the cradle
and the silver spoon,
Little boy blue and the man*

in the moon,

*“When you coming home
Dad?”*

*“I don't know when,
But we'll get together then,
You know we'll have a good
time then”.*

“*Then*” het egter nooit gekom nie. Dit was eers toe die seun van die kollege af huistoe kom, dat die pa uiteindelik tyd gekry het vir sy seun, maar teen daardie tyd het sy seun sy eie agenda en geen tyd meer vir Pa gehad nie. Eers nadat hy afgetree het, besef hy dat sy seun net soos hy grootgeword het – te besig om tyd saam met sy gesin deur te bring. Hoe dikwels hoor ons: “Hulle word so vinnig groot! Waar is al die tyd heen?” Verlore tyd kan nooit ingehaal word nie en ordentlike welmenende ouers raak soms te besig om kosbare tyd saam met hulle kinders deur te bring, totdat dit te laat is.

Ons verstaan dat tieners tyd saam met ander tieners wil deurbring. Dit is normaal maar het u al ooit opgemerk dat sommige tieners net daardie tyd weg van hulle eie huise wil deurbring? Indien u kinders meer tyd saam met ander kinders saam wil deurbring as saam met u, is die teenmiddel om nie in te gee nie, maar om u blootstelling met u kinders te verhoog. Neem hulle om vis te vang. Neem hulle om te gaan inkopies doen by die winkel-sentrum. Speel speletjies saam met hulle en neem hulle na hul

gunsteling kitskosplek. Vind 'n projek, soos om tuin te maak, om saam met hulle sport te beoefen. Selfs al sou hulle dit nie dié keer waardeer nie, sal daar 'n tyd kom wanneer hulle sal.

Oorsaak nommer 5: Gebrek aan onderrig

Die boek Deuteronómium gee ouers opdrag oor hoe om God se gebooe aan hulle kinders te leer. "... en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe" (Deutero-

nómium 6:7-9).

Die onderrig moet ywerig wees. Soms formeel en soms ontspanne, maar dit moet nie onderhandelbaar wees nie en dit moet toepaslik wees vir die geleentheid. Ek word herinner aan 'n storie wat 'n goeie vriend aan my vertel het. Hy was ongeveer ses jaar oud toe hy in 'n restaurant was om saam met sy pa iets te drink. Sy pa het 'n vyf sent muntstuk uit sy sak gehaal en dit op sy randjie laat staan. Hy het toe na sy seuntjie gekyk en gevra: "Aan wie behoort dit?" Sy seun het geantwoord: "Aan Pa". Die vader het toe aan sy seuntjie gevra: Indien hy dit sonder sy pa se toestemming sou neem, wat sou dit hom maak? "’n Dief", het die seuntjie geantwoord. Die

vader het toe waardevolle advies gegee: "Seun, as jy iets neem wat aan iemand anders behoort of dit nou duisend dollar of vyf sent is, dan maak dit van jou 'n dief". Die man het die res van sy lewe daardie les onthou. Hy het voordeel getrek uit 'n pa wat hom verbind het om sy seun aktief te onderrig.

In deel twee van hierdie artikel sal ons na nog vyf oorsake kyk waarom kinders die spoor byster raak. Intussen, indien u nog nie ons publikasie, *Suksesvolle ouerskap volgens God se riglyne*, gelees het nie, skakel asseblief, skryf of besoek ons webwerf om u eie gratis eksemplaar aan te vra. [WvM](#)

Suksesvolle ouerskap volgens God se riglyne

*Wat is die wesenlike doel van ouerskap?
Is dit bloot om kinders groot te maak om onafhanklike, bekwame
volwassenes te word, of behels dit veel meer?*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie vir die verstommende antwoord!

Vervolg vanaf bladsy 9 – Die waarheid agter die Protestantse Hervorming

hervorming plaasgevind het? Was dit 'n herinstelling van die "geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is"? Ons behoort hierdie vrae vierkantig in

die oë te kyk.

In die volgende aflewering sal ons direk die begin van die Protestantse Hervorming onder Martin Luther behandel. Baie

van die *verborge feite* oor wat werklik plaasgevind het en *waarom*, is werklik insiggewend! Maak seker dat u dit in die volgende uitgawe lees! [WvM](#)

Vrae & Antwoorde

Aangesien almal gesondig het, hoe verhoor God enigiemand se gebede?

VRAAG: Ek het gelees dat God nie sondeers se gebede sal verhoor nie. Aangesien almal gesondig het en dit hulle aan God se heerlikheid ontbreek, hoe is dit moontlik vir God om iemand se gebede te verhoor?

ANTWOORD: God behou natuurlik vir Homself die reg voor om genade te bewys aan wie Hy wil (Romeine 9:18). Die ontnugterende waarheid is egter dat sonde – die verbreking van God se Wet – ons van God afsny! Die profeet Jesaja skryf: “maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie” (Jesaja 59:2). Wat kan ons dus doen, aangesien almal gesondig het (Romeine 3:23)? Let op die profeet Jesaja se antwoord:

“Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jesaja 55:6-7).

Om God te laat reageer op ons gebede, moet ons Hom *soek* deur ons te distansieer van die sonde. Sonde is die verbreking van God se geestelike Wette, die Tien Gebooe (1 Johannes 3:4). Aangesien die vleeslike verstand nie onderworpe is aan God se heilige en regverdigte Wette nie, ervaar Christene dikwels 'n innerlike stryd (Romeine 8:7). Die apostel Paulus beskryf hierdie stryd deur die uitroep: “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” (Romeine 7:24). Die antwoord is “deur Jesus Christus, onse Here!” (Vers 25).

Wanneer ons ons bekeer, draai ons 180° en kyk na God. Met bekering kom 'n afkeer aan sonde en 'n hartverskeurende gedagteverandering. Deur God se genade sien berouvolle individue hulle hulpeloosheid en onvermydelike noodsaaklikheid aan geloof in Jesus Christus. Daardie geloof in Christus en Sy gestorte bloed reinig die gewete van dooie werke (Hebreërs 9:11-14) en maak ons oop vir direkte kontak met die Vader.

“Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water” (Hebreërs 10:19-22).

Egte bekering beteken *totale onderwerping* aan Jesus Christus – bekering van gedagtes sowel

as van dade! Mens moet Jesus Christus waarlik as persoonlike Verlosser, Heer, Meester en toekomstige Koning aanvaar. Mens moet Sy wil, nie ons eie nie, ons prioriteit in die lewe maak. Mens moet Sy weë en Sy gedagtes soek en ander mense dien, eerder as om te probeer om onself “te dien”.

Het u die regte gesindheid?

God reageer *wel* op die gebede van diegene wat Hom werklik *soek*, hulle van hulle sondes *bekeer* en na Sy weg draai! Diegene wat rebelleer, God ignoreer en nooit verander nie, sal eenvoudig *nie* verhoor word nie! Hulle sondes is 'n versperring en sny hulle van God af. 'n Ware berouvolle gesindheid sal God egter oorreed om te hoor (Psalm 34:18). God sê: “Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord” (Jesaja 66:2). Indien ons in nederigheid van gemoed en bekering, “Nader tot God”, sal Hy tot ons nader (Jakobus 4:7-8). Wonderwerke van goddelike ingryping sal plaasvind. Ons sal antwoorde op gebede ontvang. Waarom? Let op die geïnspireerde antwoord: “en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooe bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Johannes 3:22).

Sondig Christene nog steeds – *selfs na bekering*? Ja! “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie” (1 Johannes 1:8). Tog kyk God na die hart om die bedoeling te sien. Voor bekering is die hart verhard in misleiding en opstand teen God. Na bekering sondig die meeste Christene uit swakheid of nalatigheid. Sensitiwiteit vir sonde en die gevolglike skuldgevoelens oorreed nogtans die groeiende Christen om na God uit te roep om vergifnis en krag. Baie Skrifgedeeltes verduidelik dat bekering 'n groeiproses is – dat ons moet “*toeneem* in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Petrus 3:18).

Sny hierdie sonde *ná* bekering ons van God af soos voorheen? Ons gebede *kan* verhinder word as ons nie ons sondes bely nie (bv. 1 Petrus 3:7). “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregthede te reinig” (1 Johannes 1:9). Wanneer ons ons van sonde bekeer en ons onderwerp aan God, kan en sal ons gebede verhoor word! **WFM**

Keerpunte in

Die merkwaardige opgang van die Weste

Waarom het die Westerse nasies die wêreld oor die afgelope vyf honderd jaar oorheers, nadat hulle vir eeue ver agter groot beskawings in Indië, China en die Moslem-wêreld was? *Waarom* was 'n aantal klein landjies aan die westerse rand van die groot Eurasiese vasteland in staat om hulle kultuur regoor die wêreld te versprei terwyl ander kulture dit nie gedoen het nie? *Waarom* het 'n groepie waaghalsige seevaarders van Westelike Europa – Columbus in 1492, Vasco da Gama in 1499, Ferdinand Magellaan in die 1520's en andere – die tydperk van ontdekking sowat 'n eeu vroeër ingelui met wêreldwye seevaart in klein skepies, eerder as manne soos die groot Chinese Admiraal Zheng He, wat duisende kilometers oor die Indiese Oseaan gevaar het in groot skepe met waardevolle vragte?

Vrae soos hierdie het geleerdes vir eeue lank laat kopkrap. Die doelbewuste verwydering van kursusse uit skole en universiteite [se leerplanne] in die Westerse beskawing en die versuim om die rol van godsdiens of Bybelse profesie te bespreek, het belangrike elemente in die merkwaardige opgang van die Weste verberg. Gevolglik is baie mense vandag grootliks

onkundig oor een van die mees dramatiese keerpunte in die geskiedenis van die wêreld – 'n transformasie van wêreldwye omvang wat deur sommige mense as “die wonderwerk van die Weste” bestempel word.

Wat het tot die opgang van die Westerse beskawing gelei? Hoe het dit gebeur en wat openbaar hierdie belangrike keerpunt oor God se hand in die geskiedenis?

Op soek na 'n oorsaak

Talle geleerdes het met idees na vore gekom om die merkwaardige opgang van die Weste te verklaar. In sy boek, *Historians Debate the Rise of the West*, het Jonathan Daly baie van hulle teorieë opgeteken. Sommige van hulle glo byvoorbeeld dat geografie en klimaat Europa bevoordeel het. Die verkryging en gebruik van navigasie-instrumente en gevorderde skeepsontwerp sowel as die ontwikkeling van kragtiger krygstoerusting het belangrike bydraes gelewer. Ander geleerdes het daarop gewys dat meer doeltreffende ekonomiese stelsels en produksiemetodes asook die groei van wêreldwye handelsnetwerke die Weste gehelp het. Andere het na die respek vir die wet en private eiendom verwys, die vrye uitruil van idees wat vernuwing bevorder het en

mededinging wat die groei in wetenskap, tegnologie en kapitalisme gevoed het.

In teenstelling met die denkrigting van die Ooste, wat die verlede verheerlik het en begeer het om die status quo en eensgesindheid in die hede te handhaaf, het die Weste op vooruitgang gefokus en geleer om die kragte van die natuur in te span ter verbetering van die mensdom – asook vir winsgewendheid (Louis Rougier, *The Genius of the West*, bl. 89-91).

Saam met hierdie en ander faktore wat in Europa aan die gang was, het die “ewewig van die wêreld binne 'n ongelooflike kort tydjie verander ... Die omvang van die Europese kulturele prestasies in die sestiende en sewentiende eeue ... wek 'n gevoel van verwondering en verbasing.” (William H. McNeill, *The Rise of the West: A History of the Human Community*, bl. 574, 598). Tog, soos geskiedkundige Christopher Dawson uitwys, “dit lyk nie of enigeen van hierdie redes voldoende is om die omvang van die Europese oplewing te verklaar nie” (*Religion and the Rise of Western Culture*, bl. 15).

Die betekenisvolle rol van Godsdiens in Europa

Dawson meld ook dat die Britse geskiedkundige, Lord Acton,

wêreldgeskiedenis

eens opgemerk het: “Godsdiens is die sleutel van die geskiedenis.” Terwyl moderne sekulêre geleerdes geneig is om die invloed van godsdiens op die geskiedenis te verwerp, het Bybelse beginsels wel 'n kritieke rol in die opgang van die Weste gespeel. Max Weber, 'n voor- aanstaande Duitse sosioloog, “beklemtoon 'n samestelling van geskiedkundige kenmerke wat hy as uniek aan Europa beskou het,” veral die “radikale verandering in godsdienstige beskouing – van Katolisisme tot Protestantisme.” Sulke faktore “het die Weste tot materialistiese prominensie in die moderne wêreld gebring.” (*Historians Debate the Rise of the West*, bl. 8-9).

Ons reeks oor die Protestantse Hervorming – waarvan die tweede aflewering elders in hierdie tydskrif gevind kan word – opgeteken met noukeurige besonderhede van hierdie geweldige verandering in Europa se godsdienstige landskap, sowel as die baie afvallige leerstellings, leringe en gebruike wat Europese “Christelikheid” besmet het. Hoewel dit onder die verdraaiings van Christus se leerstellings begrawe is, het sommige Bybelse waardes en beginsels oorgebly wat wel op 'n kragtige manier 'n merk op die Europese kultuur gemaak het. Jonathan Daly het opgemerk dat

sommige geleerdes, soos dr. David Landes, die teenwoordigheid van Bybelse beginsels wat in die Europese beskawing gevestig is krediet gee soos die inboeseming van waardering van harde werk, verspreiding van geletterdheid (vir beide mans en vrouens), spaarsin, ywer en ander sedes.

Rodney Stark, 'n professor in sosiologie en vergelykende godsdienstwetenskap, skryf dat moderne kundiges “gans te teësinnig is om die positiewe gevolge wat so 'n godsdienstige invloed op die kultuur van die Weste gehad het, te erken”. Hy verklaar verder dat die wetenskap soos ons dit ken, in Europa floreer het, eerder as elders “omdat die Europeërs in God geglo het as die Intelligente Ontwerper van 'n rasionele heelal” wat volgens wette werk wat ontdek en prakties gebruik kan word (*How the West Won*, bl. 5, 13, 315-317). In teenstelling hiermee funksioneer die heelal, volgens Islam, nie op wette nie, maar volgens die wil van Allah. Dit is nie bevorderlik vir die ontwikkeling van die wetenskap nie. Baie nuwighede in die Islamitiese wêreld was dus deur Jode en ander Christelike sektes gedrewe. Terwyl die Chinese die drukpers, meganiese horlosies en buskruit ontwikkel het, het hulle nooit die potensiaal van hierdie nuwighede ontgin nie omdat dit ge-

dreig het om die stabiliteit van hulle samelewing te ontwig. Islamitiese kaliefs het meganiese drukwerk om godsdienstige redes verbied (*ibid.*, bl. 12-13, 33-45).

Nogtans is selfs hierdie insigte nie voldoende om die opgang van die Weste te verklaar nie.

Voorbereiding van die verhoog vir profetiese vervulling

Europa se opgang tot vernaamheid is hoofsaaklik moontlik gemaak deur die God van die Hemel, wat die vervulling van antieke profesieë deur die loop van die geskiedenis uitwerk. (Jesaja 46:8-11).

Die Bybel openbaar God “sit konings af en stel konings aan” en dat Hy bepaal wanneer en hoe lank konings regeer of nasies regeer (Daniël 2:21; Job 12:23). Dit is nie 'n toevalligheid dat die opgang van die Weste plaasgevind het net toe die Asiatiese samelewings inwaarts gekeer het en “skielik onversetlik geword het nie ... Hulle het hulleself van 'n veranderende buitewêreld afgesny net toe die Europese uitbreiding begin het” (Geoffrey Barraclough, *Turning Points in World History*, bl. 24). In die sestiende eeu toe die opgang van die Weste net begin het, het “dit gelyk asof niks dit kon keer nie.” (*Historians Debate the Rise of the West*, bl. 23). *Waarom* het een beskawing

opgang gemaak en die ander amper gelyktydig agteruit gegaan?

Min mense verstaan vandag dat baie van die Westerse nasies Israeliete is – afstammelinge van Abraham, Isak en Jakob – wat na Noordwes-Europa migreer het en daarná na ander dele van die wêreld. In Génesis 12:2-3 lees ons dat, as gevolg van Abraham se gehoorsaamheid, God aan Abraham en sy nageslag beloof het: “Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam

groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.” God het Sy Wette aan die antieke Israeliete gegee, sodat hulle 'n voorbeeld en seën vir die mense van die wêreld kon wees (Deuteronómium 4:1-10). Alhoewel hulle met verloop van eeue baie van daardie Wette en begrippe verwerp het, het sommige van daardie Wette, konsepte en idees oorleef om deel te word van die grondslag

van die Westerse beskawing wat die wêreld oor die afgelope vyf honderd jaar verander het. Die dramatiese opgang van die Weste – een van die belangrikste keerpunte in die geskiedenis van die wêreld – illustreer die akkuraatheid van hierdie profesieë en die krag van hierdie goddelik geïnspireerde idees. In toekomstige artikels in hierdie reeks sal ons sien hoe méér van hierdie profesieë vervul is.

—Douglas S. Winnail

Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

Meer as 50 jaar gelede het mnr. Herbert W. Armstrong (1892 – 1986) 'n boek geskryf getiteld “The United states and British Commonwealth in Prophecy”. Gedurende sy leeftyd het menige uitgawes van hierdie boek verskyn, maar dit is nou etlike jare al onverkrygbaar.

Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

Vervolg vanaf bladsy 16 – Sal die ruimte die finale slagveld wees?

“duisend miljoen-jaar projek van vergroening van ons sterrestelsel” soos deur ruimte-

wetenskaplikes beoog word. Die Almagtige God sal 'n glorieryke toekoms vir die hemele en die

aarde verseker. Mag God u help om voor te berei vir daardie wonderlike bestemming. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

voorgeskrewe vereistes en toewyding aan Christus verkondig as wat gewoonlik verstaan word.

Dit is dus geen wonder dat Jesus ons in Lukas 14:26 ernstig waarsku nie: “As iemand na My toe kom en hy haat [minder liefhê] nie sy vader en moeder, vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie.” Dit is inderdaad sterk woorde! Lees en mediteer oor wat dit vir u beteken!

Jesus het nie gekom om vrede in hierdie tyd te bring, soos wat so baie mense glo nie. “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoondogter en haar skoonmoeder. En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees. Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie” (Matthéüs 10:34-37).

Kennis teenoor lewenswyse

Om die waarheid te verstaan en om dit uit te leef, is nie dieselfde nie. Johannes staan bekend as die “Apostel van liefde”, nogtans vertel hy ons die waarheid is 'n lewenswyse wat uitgeleef moet word: “As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie” (1 Johannes 1:6). Hy gaan in die volgende hoofstuk voort en maak dit baie duidelik wat dit is wat ons moet beoefen: “En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie” (1 Johannes 2:3-4).

Die *New Bible Commentary Revised* lewer die volgende kommentaar op hierdie verse (vryelik vertaal):

3 Vervolgens kom 'n toets waardeur

mense, ten spyte van hulle mislukkings, kan weet of hulle verhouding met God reg is en in gemeenskap met Hom leef. Die toets is of hulle *Sy gebooie nakom*. Dit is onmoontlik vir mense wat God regtig ken om in hulle daaglikse lewe deur hierdie kennis onaangeraak te wees ... Vir Johannes is die kennis van God nie 'n mistieke visie of intellektuele insig nie. Dit word bewys *deurdat ons Sy gebooie bewaar*. Gehoorsaamheid is nie 'n skouspelagtige deug nie, maar dit is die basis van alle ware Christelike toewyding. 4 Johannes sê reguit dat die man wat beweer dat hy hierdie kennis het, maar *nie Sy gebooie gehoorsaam nie, 'n leuenaar is*. Hy beklemtoon dit met die toevoeging “*en in hom is die waarheid nie*.”

Moed moet beoefen word. Baie mense vrees vir wat hulle vriende, bure en familie sal dink en doen indien hulle na vore kom en inderdaad die **Weg** van ware Christenskap **uitleef**. Hulle sal liever voortgaan om gemaklik volgens die leerstellings en tradisies te leef soos wat aan hulle oorgelewer is [deur voorgeslagte]. Vir hulle is dit moed wat nodig is om Christus in 'n verre Moslem-nasie te bely. Dit is nie iets wat nodig is wanneer mens eintlik in 'n meer veronderstelde verligte gebied leef nie. Op die ou end kom dit hierop neer: Gaan u die waarheid van die Skrif erken en aanvaar? Gaan u aan God gehoorsaam wees of gaan u voort om mensgemaakte tradisies te volg waarvan die oorsprong uit die heidendom en Griekse filosofie kom?

Om 'n besluit uit te stel is 'n besluit

In werklikheid het ons almal hierdie keuse om te maak. Onthou, om nié 'n besluit te neem nie, **is** insigsself ook 'n besluit! Indien u onder die paar moedige mense is wat belangstel om meer te

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

leer oor ander mense wat reeds gekies het om terug te keer na die "geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is", moet u asseblief nie huiwer om ons by u naaste streekkantoor te kontak nie. Die adres verskyn op bladsy 2. U kan dit ook aanlyn doen. Ons verteenwoordigers sal meer as gewillig wees om u by u huis te besoek of op enige ander gerieflike plek van u keuse te

ontmoet. Ons sal slegs met u kontak maak indien u dit versoek en ons sal u nie verontref met ongevraagde opvolgbesoeke nie. Ons sal u egter graag wil ontmoet!



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880

of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus